OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c | Donderdag, 1 Desember 1966 | WINDHOEK | Thursday, 1 December 1966 | No. 2750

INHOUD

PROKLAMASIE:

No. 79 Dorp Luderitz (Uitbreiding 3): Stigting van

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

No. 217 Kinderordonnansie 1961: Wysiging van Regulasies

No. 218 Ordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1965: Wysiging van Regulasies

No. 219 Ordonnansie op Duitse Oudstryderspensioene 1965: Wysiging van Regulasies

No. 220 Visseryinspekteur: Intrekking van Aanstelling as

No. 221 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheinings: Wysiging van die Grense van die Kring Gobabis-Suid: Distrik Gobabis

No. 222 Wysiging van die Openings- en Sluitingsure Khomasdal (Uitbreiding 1)

No. 223 Registrateur van Maatskappye en van Koöperatiewe Verenigings van Suidwes Afrika: Aanstelling as

No. 224 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheinings: Wysiging van die Grense van die Kring Nossob, Distrik Gibeon

No. 225 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheinings: Wysiging van die Grense van die Kring Gibeon Noord: Distrik Gibeon

No. 226 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheinings: Wysiging van die Grense van die Kring Die Kalk: Distrikte Gibeon en Keetmanshoop

No. 227 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheinings: Wysiging van die Grense van die Kring Warmbad: Distrik Warmbad

No. 228 Bydraes tot die Koste van Jakkalsdraadheinings: Wysiging van die Grense van die Kring Leonardville: Distrik Gobabis

No. 229 Heraldiekwet, 1962: Toekenning van Munisipale Wapen: Gobabis

No. 230 Ordonnansie insake Heffing van Inboorlingbehuising, 1962: Toepassing van

No. 231 Dorp Narraville: Wysiging van Stigtingsvoorwaardes

No. 232 Regulasies op Robbevangs en Visserye: Wysiging

No. 1627 (Republiek) S.A. Spoorweë: Personeelregulasies: Wysiging

No. 1632 (Republiek) Finansiëleregulasies: Wysiging

No. 1636 (Republiek) Lugvaartregulasies, 1963: Wysiging

No. 1656 (Republiek) Staatsdiensregulasies: Wysiging

No. 1664 (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persoon Verbied om Byeenkomste by te Woon

No. 1678 (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persone Verbied om Byeenkomste by te Woon

CONTENTS

Page/Bladsy

PROCLAMATION:

Township Luderitz (Extension 3): Establishment of . 1310

GOVERNMENT NOTICES:

Children's Ordinance, 1961: Amendment of Regulations . 1312

Social Pensions Ordinance, 1965: Amendment of Regulations . 1315

German War Veterans Pensions Ordinance, 1965: Amendment of Regulations . 1316

Fisheries Inspector: Withdrawal of Appointment as . 1317

Contributions towards the Cost of Jackalproof Fences: Amendment of the Boundaries of the Area Gobabis-Suid: District Gobabis . 1317

Amendment of Opening and Closing Hours: Khomasdal (Extension 1) . 1317

Registrar of Companies and of Co-operative Societies for South West Africa: Appointment as . 1317

Contributions towards the Cost of Jackalproof Fences: Amendment of the Boundaries of the Area Nossob, District Gibeon . 1318

Contributions towards the Cost of Jackalproof Fences: Amendment of the Boundaries of the Gibeon Noord Area: District Gibeon . 1318

Contributions towards the Cost of Jackalproof Fences: Amendment of the Boundaries of the Area Die Kalk: Districts Gibeon and Keetmanshoop . 1318

Contributions towards the Cost of Jackalproof Fences: Amendment of the Boundaries of the Area Warmbad: District Warmbad . 1319

Contributions towards the Cost of Jackalproof Fences: Amendment of the Boundaries of the Area Leonardville: District Gobabis . 1319

Heraldry Act, 1962: Granting of Municipal Coat of Arms: Gobabis . 1319

Native Housing Levy Ordinance, 1961: Application of 1320

Township Narraville: Amendment of Conditions of Establishment . 1320

Sealing and Fisheries Regulations: Amendment . 1320

(Republic) S.A. Railways: Staff Regulations: Amendment . 1321

(Republic) Financial Regulations: Amendment . 1321

(Republic) Air Navigation Regulations, 1963: Amendment . 1328

(Republic) Public Service Regulations: Amendment . 1334

(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person Prohibited from Attending Gatherings . 1334

(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons Prohibited from Attending Gatherings . 1335

No. 1682	(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Intrekking van Kennisgewings waardeur sekere Persone Verbied was om Byeenkomste by te Woon	(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Withdrawal of Notices whereby Certain Persons were Prohibited from Attending Gatherings 1335
No. 1686	(Republiek) Regulasies Betreffende die Invoer, Verkoop en Gebruik van Opium en ander Gewoontevormende Medisyne	(Republic) Regulations Regarding the Importation, Sale and Use of Opium and other Habit-Forming Drugs 1336
No. 1738	(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Persoon Verbied om Byeenkomste by te Woon	(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons Prohibited from Attending Gatherings . . . 1339
No. 1739	(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Intrekking van Kennisgewings Waardeur Sekere Persone Verbied was om Byeenkomste by te Woon	(Republic) Suppression of Communism Act, Withdrawal of Notices whereby Certain Persons were Prohibited from Attending Gatherings 1339
No. R.1752	(Republiek) Wysiging van die Regulasies vir die Staande Mag	(Republic) Amendment to the Regulations for the Permanent Force 1339
No. R.1774	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/24)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/24) 1340
No. R.1785	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/67)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/67) 1340
No. R.1786	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/68)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/68) 1341
No. R.1787	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/69)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/69) 1341
No. R.1788	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/70)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/70) 1342
No. R.1790	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/72)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/72) 1343
No. R.1791	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/73)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/73) 1344
No. R.1792	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/74)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/74) 1344
No. R.1793	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/75)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/75) 1345
No. R.1794	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/76)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/76) 1345
No. R.1796	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 5 (No. 5/21)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 5 (No. 5/21) 1346
No. R.1797	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 5 (No. 5/22)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 5 (No. 5/22) 1346
No. 1821	(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Aanstelling van Lid	(Republic) S.A. Medical and Dental Council: Appointment of Member 1347
No. R.1848	(Republiek) Wysiging van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie	(Republic) Amendment to the Regulations for the South African Police 1348
No. 1849	(Republiek) Verkiesing van 'n Senator vir Suidwes Afrika	(Republic) Election of a Senator for South West Africa 1349
No. R.1861	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 6 (No. 6/9)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 6 (No. 6/9) 1349

ALGEMENE KENNISGEWINGS:— **GENERAL NOTICES:**

No. 116	Mynwese: Toekenning van Alleenregte: Distrikte Okahandja en Windhoek	Mines: Granting of Exclusive Rights: Districts Okahandja and Windhoek 1350
No. 117	Mynwese: Toekenning van Alleenregte: Distrik Outjo	Mines: Granting of Exclusive Rights: District Outjo 1350
No. 118	Mynwese: Verlenging van Prospekteertoekenning van New Wellington of Africa (Pty) Ltd.	Mines: Extension of Prospecting Grant of New Wellington of Africa (Pty) Ltd. 1350
No. 119	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrikte Karibib en Omaruru	Mines: Withdrawal from Pegging: Districts Karibib and Omaruru 1351
No. 120	Mynwese: Onttrekking van Kleimafsteking: Distrik Windhoek	Mines: Withdrawal from Pegging: District Windhoek 1351
No. 121	Mynwese: Toekenning van Alleenregte: Distrik Swakopmund	Mines: Granting of Exclusive Rights: District Swakopmund 1351
No. 122	Departement van Doeane- en Aksyns Walvisbaai: Publieke veiling	Department of Customs and Excise Walvis Bay: Public Auction 1351
No. 765	(Republiek) Bouverenigingsopgawe — September, 1966	(Republic) Building Societies Return — September 1966 1352
No. 780	(Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Hersiening van Spesifikasie	(Republic) S.A. Bureau of Standards: Revision of Specifications 1352
No. 781	(Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Verklaring van Standaardmerk	(Republic) S.A. Bureau of Standards: Declaration of Standardization Mark 1353

ADVERTENSIES: **ADVERTISEMENTS:—**

Boedelkennisgewings ens., ens.	Estate Notices etc., etc. 1355

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

Nr. 79 van 1966.]

NADEMAAL daar behoorlike kennisgewing van die Registrateur van Aktes ontvang is dat die bepalings van artikel 12 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963, (Ordonnansie 11 van 1963) nagekom is;

SO IS DIT dat ek kragtens artikel 13 van genoemde Ordonnansie hierby proklameer, verklaar en bekend maak dat die dorp LUDERITZ (Uitbreiding 3) soos aangewys op Algemene Plan A. 84/66, 'n goedgekeurde dorp is en voorts dat die aansoek om die stigting van genoemde dorp goedgekeur is onderhewig aan die voorwaardes wat kragtens artikel 6 van genoemde Ordonnansie opgelê is, uiteengesit in die Bylae hiervan.

Gegee onder my hand en seël op hierdie 10de dag van November 1966.

W. C. DU PLESSIS,
Administrateur.

BYLAE.

STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam van dorp:* Die dorp heet LUDERITZ-UITBREIDING 3.

2. *Samestelling van dorp:* Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op algemene plan A. 84/66.

3. *Voorwaardes van eiendomsreg:* Die onderstaande voorwaardes van eiendomsreg moet registreer word ten gunste van die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat sodanige voorwaardes nie sonder die toestemming van die Administrateur gewysig of laat vaar mag word nie.

   A. *Ten opsigte van alle erwe:*

   (1) Op die erf mag nie vir water geboor of gedolwe word nie.

   (2) Nóg die geheel nóg 'n deel van die erf mag aan 'n Kleurling, inboorling of Asiaat getransporteer, verhuur of op enige ander wyse van die hand gesit word, en geen Kleurling, inboorling of Asiaat, behalwe die huisbediendes wat dienste op die erf lewer, word toegelaat om op die erf te woon of dit op 'n ander wyse te okkupeer nie.

   (3) Indien die plaaslike bestuur te eniger tyd die straat sou aanlê en maak op 'n vlak wat verskil van die gemiddelde vlak van die erf, moet die eienaar of sy titelopvolgers op eie koste 'n stutmuur aan enige straatgrens bou, wat hoog en sterk genoeg is om te voorkom dat enige gedeelte van die erf in die straat val of omgekeerd. Alle sodanige stutmure moet met raadpleging van die plaaslike bestuur gebou word, en is onderhewig aan die plaaslike bestuur se goedkeuring.

   (4) Die natuurlike vloei van stormwater op die erf mag nie verlê of toegebou word sonder dat volmag daartoe vooraf van die plaaslike bestuur verkry word nie en dan net volgens spesifikasies van die dorpsingenieur.

   (5) Geen beeste, varke, skape, bokke of trekdiere mag op die erf aangehou word nie.

   (6) Die eienaar van die erf is verplig om sonder vergoeding toe te laat dat waterpyplyne, stormwaterafvoerpype, rioolpype en bogrondse en ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne oor die erf gelê of gespan word, indien dit nodig geag word deur die plaaslike be-

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE WENTZEL CHRISTOFFEL DU PLESSIS, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 79 of 1966.]

WHEREAS due notification has been received from the Registrar of Deeds that the provisions of section 12 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) have been complied with;

NOW THEREFORE, in terms of section 13 of the said Ordinance, I do hereby proclaim, declare and make known that the township of LUDERITZ (EXTENSION 3) as represented on General Plan A. 84/66, is an approved township and further that the application for the establishment of the said township has been granted subject to the conditions imposed in terms of section 6 of the said Ordinance, set out in the Schedule hereto.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 10th day of November 1966.

W. C. DU PLESSIS,
Administrator

SCHEDULE.

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name of township:* The name of the township shall be LUDERITZ EXTENSION 3.

2. *Composition of township:* The township shall comprise erven and streets as indicated on General Plan A. 84/66.

3. *Conditions of title:* The following conditions of title shall be registered in favour of the local authority: Provided that such conditions shall not be amended or waived without the consent of the Administrator:

   A. *Applicable to all erven:*

   (1) It shall not be permited to drill or excavate for water on the erf.

   (2) The erf or any portion thereof may not be transferred or leased, or in any other way be disposed of to any Coloured person, Native or Asiatic, and no Coloured person, Native or Asiatic other than the domestic servants who render their services on the erf, shall be permitted to reside thereon or in any other manner occupy it.

   (3) In the event of the local authority laying out and constructing the street at a level differing from the average level of the erf the owner or his successors in title shall construct at their own cost a retaining wall at any street boundary of sufficient height and strength to prevent any portion of the erf falling into the street or vice versa. All such retaining walls shall be built in consultation with the local authority and shall be subject to its approval.

   (4) The natural course of storm water on the erf shall not be deviated or built over without the prior consent of the local authority and then only in accordance with the specifications of the Town engineer.

   (5) No cattle, pigs, sheep, goats or draught animals shall be kept on the erf.

   (6) The owner of the erf shall, without compensation, be obliged to allow the laying of water pipelines, stormwater drains, sewerage mains and overhead and underground electric supply mains across the erf if deemed necessary by the local authority and in such

stuur, en op so 'n wyse en in so 'n ligging soos daar van tyd tot tyd ooreengekom word, en om verder toe te laat dat sodanige materiaal wat uitgegrawe word gedurende konstruksie, instandhoudingswerk en verwydering van enige bovermelde materiaal, tydelik op die aangrensende grond geplaas word. Dit omvat die reg op toegang tot die erf ten alle redelike tye vir die bovermelde doeleindes of vir ander werk wat betrekking het daarop, onderhewig daaraan dat die plaaslike bestuur vergoeding moet betaal vir enige skade wat aangerig word in die uitvoering van enige sodanige werk.

(7) Die erf mag net vir industriële doeleindes gebruik word: Met dien verstande dat 'n *bona fide* opsigterswoonstel wat hoogstens 1050 vierkante voet, gemeet oor die buitekant van die buitemure, mag beslaan, in die hoofgebou ingesluit kan word. Die opsigterswoonstel mag nie deur meer as een gesin bewoon word nie.

(8) Nie meer as een hoofgebou, met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word nie.

(9) Die oppervlakte van die geboue opgerig op die erf, mag nie 60% van die algehele oppervlakte van die erf oorskry nie. Openbare trappe, ingangsportale en balkonne tel net die helfte van die oppervlakte wat hulle beslaan. Oordekte parkeerruimtes vir motors tel nie as beboude oppervlakte nie.

(10) Buitestraatse parkeerruimte moet op die erf verskaf word in die verhouding van een oop of selfstandige motorspasie vir elke vier blanke werknemers plus een selfstandige oordekte motorspasie vir die woonstel, wanneer en indien dit opgerig word.

(11) Die waarde van die hoofgebou, uitgeslote buitegeboue, opgerig op die erf, mag nie minder as die volgende wees nie:

(a) R20,000 vir erwe 523-528;

(b) R10,000 vir erwe 529-538.

(12) Geen afloop- of rioolwater mag weggedoen word nie behalwe volgens spesifikasies van die stadsingenieur.

B. *Bykomende voorwaarde ten opsigte van alle erwe behalwe erwe 535 en 538:*

Behalwe om 'n gebou op te rig op die erf, mag nóg die eienaar nóg enige ander persoon enige stene, teëls, erdepype of enige ander dergelike artikel op die erf vervaardig of laat vervaardig nie.

C. *Bykomende voorwaarde ten opsigte van erwe 529—538:*

Die erf mag nie gebruik word vir enige hinderlike bedryf genoem in paragraaf 1 (a) van Goewermentskennisgewing 141/1926, soos gewysig, nie.

„Nywerheidsdoeleindes" beteken fabrieke, pakhuise, werkswinkels en dergelike inrigtings wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur word. Dit sluit nie die kleinhandelsbedryf in nie, maar hierdie verbod sluit nie uit die verkoop van goedere deur die eienaar of okkupeerder van enige erf vir nywerheidsdoeleindes gereserveer, wat geheel of ten dele daarop vervaardig, verwerk of gemonteer is, asook ander goedere deel uitmaak van, of hoort by, die verkoop van en/of vir gebruik is in, of saam met, goedere geheel of ten dele op die erf vervaardig of daarop verwerk of gemonteer.

a manner and position as may from time to time be agreed upon, and further to allow the temporary deposit on the land adjoining such works, of such material as may be excavated during the course of construction, maintenance and removal of any of the aforesaid material. This shall include the right of access to the erf at any reasonable time for the aforesaid purposes or other works pertaining thereto, subject thereto that the local authority shall compensate for any damage done in execution of any such works.

(7) The erf shall be used for industrial purposes only: Provided that a *bona fide* caretaker's flat, which shall not exceed in area 1050 square feet, measured over the outer faces of the external walls, may be incorporated in the main building. The caretaker's flat shall not be ocupied by more than one family.

(8) Not more than one main building, together with the necessary outbuildings, shall be erected on the erf.

(9) The area of the buildings erected on the erf shall not exceed 60% of the total area of the erf. Public stairways, entrance halls and balconies shall count as half coverage. Covered parking spaces for cars shall not be included as coverage.

(10) On the erf off-street parking shall be provided to the extent of one open or independent car space for every four whites employed, plus one independent covered car space for the flat when and if erected.

(11) The value of the main building, exclusive of outbuildings, erected on the erf, shall not be less than the following;

(a) R20,000 for erven 523—528;

(b) R10,000 for erven 529—538.

(12) No effluent or sewerage shall be disposed of except in accordance with the specification of the town engineer.

B. *Additional condition applicable to all erven except erven 535 and 538:*

Except for the purpose of erecting a building on the erf, neither the owner nor any other person shall make or cause to be made on the erf any bricks, tiles earthenware pipes or any articles of a like nature.

C. *Additional condition applicable to erven 529—538:*

The erf shall not be used for any offensive trade referred to in paragraph 1 (a) of Government Notice 141/1926, as amended.

"Industrial purposes" means factories, warehouses, workshops and the like, as may be approved by the local authority. It shall not include retail trade, but this prohibition shall not exclude the sale of goods, by the owner or occupier of any erf, reserved for industrial purposes, wholly or partially manufactured, processed or assembled thereon and other goods not manufactured on the erf, provided that such other goods form part of or are incidental to the sale of and/or are for use in or with goods manufactured wholly or in part or processed or assembled on the erf.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office, Windhoek.

No. 217.] [1 Desember 1966

REGULASIES INGEVOLGE DIE KINDERORDONNANSIE 1961 (ORDONNANSIE 31 VAN 1961).

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 90 van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) die volgende wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 75 van 7 Mei 1962 met ingang van die eerste dag van Julie 1966 af te kondig.

1. Regulasie 62 (1) word hierby gewysig deur paragrawe (a), (b) en (c) deur die volgende paragrawe te vervang:—

„(a) vir die onderhoud van die ouer of voeg van 'n kind wat in so 'n ouer se bewaring is en ten opsigte van wie daar ingevolge paragraaf (b) 'n toelae toegeken is; of

(b) vir die onderhoud van 'n kind deur sy ouer; of

(c) (i) vir die onderhoud van 'n kind deur 'n persoon wat nie sy ouer is nie en in wie se bewaring die kind geplaas is ingevolge die ordonnansie of ingevolge artikel 315 van die Kriminele Prosedure en Bewyslewering Proklamasie 1935 (Proklamasie 30 van 1935) soos deur die ordonnansie gewysig; of

(ii) vir die onderhoud van 'n kind deur sy voog indien daar volgens die mening van die Administrateur geen genoegsame bates nagelaat is vir die onderhoud van so 'n kind nie; of".

2. Regulasie 70 word hierby gewysig deur —

(a) in subregulasie (2) paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe te vervang:—

„(a) In die geval van Blankes —

	Per maand
(i) 'n maksimum toelae ten opsigte van die moeder van . . .	R 17–00
'n maksimum toelae ten opsigte van elk van die eerste twee kinders van	R 8–00
'n maksimum toelae ten opsigte van die derde en elke daaropvolgende kind	R 6–00
(ii) die bedrag van middele wat 'n gesin kan hê sonder dat die bedrag van die toelae geraak word, is —	
vir elke volwassene (man en vrou)	R 16–00
vir elke kind per ouer 'n addisionele	R 2–00
(iii) die gesin se middele plus enige staatstoelae mag nie die totaal van 'n bedrag bereken soos hieronder oorskry nie —	
vir elke volwassene (man en vrou)	R 17–00

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur, Windhoek.

No. 217.] [1 December 1966

REGULATIONS UNDER THE CHILDREN'S ORDINANCE, 1961 (ORDINANCE 31 OF 1961).

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 90 of the Children's Ordinance 1961 (Ordinance 31 of 1961) to publish the following amendments to the regulations published under Government Notice 75 dated 7th May 1962, with effect from the first day of July 1966.

1. Regulation 62 is hereby amended by the substitution in sub-regulation (1) for paragraphs (a), (b) and (c) of the following paragraphs:—

"(a) the maintenance of a parent or guardian of a child who is in the custody of such a parent and in respect of whom a grant has been made in terms of paragraph (b); or

(b) the maintenance of a child by its parent; or

(c) (i) the maintenance of a child by a person who is not its parent and in whose custody the child has been placed in terms of the ordinance or in terms of section 315 of the Criminal Procedure and Evidence Proclamation 1935 (Proclamation 30 of 1935) as amended by the ordinance; or

(ii) for the maintenance of a child by his guardian if, in the opinion of the Administrator, insufficient assets were left for the maintenance of such child; or".

2. Regulation 70 is hereby amended by —

(a) the substitution in sub-regulation (2) for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs:—

"(a) in the case of Whites —

	Per month
(i) a maximum grant in respect of the mother of	R 17–00
a maximum grant in respect of each of the first two children of	R 8–00
a maximum grant in respect of the third and every further child	R 6–00
(ii) the amount of means that a family may have without affecting the amount of the grant, is — for every adult (man and wife)	R 16–00
for every child per parent an additional	R 2–00
(iii) the means of a family plus any state grants shall not exceed the total amount calculated as follows:	
for every adult (man and wife)	R 17–00

vir elk van die eerste twee kinders . . . . . R 8–00
vir die derde en elke daaropvolgende kind . . . . R 6–00
Vry middele ooreenkomstig subparagraaf (ii) hierbo —
per volwassene . . . . R 16–00
per kind per ouer . . . R 2–00

(iv) Benewens die toelae betaalbaar kragtens subparagraaf (i) kan die volgende bykomende toelae betaal word —
vir 'n laerskoolkind . . . R 2–00
vir 'n hoërskoolkind . . . R 4–00

(b) In die geval van Kleurlinge —

Per maand

(i) 'n maksimum toelae ten opsigte van die moeder van . . . R 7–50
'n maksimum toelae ten opsigte van elk van die eerste twee kinders van . . . . . R 3–00
'n maksimum toelae ten opsigte van die derde en elke daaropvolgende kind . . . . . R 2–00

(ii) Die maksimum toelae (met inbegrip van enige maatskaplike pensioen) wat aan 'n gesin betaal kan word: . . . . R 18–00
Met dien verstande dat 'n maksimum bedrag van R8 per maand ten opsigte van die maatskaplike pensioen wat aan die vader van 'n gesin betaalbaar is, in berekening gebring word by die maksimum toelae betaalbaar

(iii) Die bedrag van middele wat 'n gesin kan hê sonder dat die bedrag van die toelae ten opsigte van, onderskeidelik die moeder en kinders geraak word, is ten opsigte van die moeder vir elke volwassene (vader en moeder) R 8–00
ten opsigte van die kinders vir elke kind . . . . . R 1–00

(iv) Die gesin se middele met inbegrip van die bedrae in subparagraaf (iii) hierbo genoem, plus enige staatstoelae, mag nie die volgende bedrag oorskry nie . R 36–00"

(b) in subregulasie (3) paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe te vervang —

„(a) 'n Toelae mag nie ooreenkomstig paragraaf (a) van subregulasie (1) van regulasie 62 aan 'n ouer of voog betaal word nie tensy sy 'n vrou is —

(i) wat ongetroud of 'n weduwee is;

(ii) wie se man haar vir 'n tydperk van minstens ses maande verlaat het, terwyl sy adres onbekend is, of indien hy as sy adres bekend is, na die Administrateur se mening nie toereikend tot haar onderhoud bydra nie;

(iii) wat van haar man geskei is of vir minstens ses maande weg van hom lewe en na die Administrateur se mening nie toereikend deur haar man onderhou word nie;

(iv) wie se man 'n maatskaplike pensioen ontvang of wat, as dit nie was vir die middele of verblyfkwalifikasies nie, bevoeg sou gewees het om so 'n pensioen te ontvang;

for each of the first two children R 8–00
for the third and every further child . . . . . R 6–00
free means under sub-paragraph (ii) above —
per adult . . . . . R 16–00
per child per parent . . . R 2–00

(iv) In addition to the allowance paid by virtue of sub-paragraph (1) the following additional allowance may be paid —
to a primary scholar . . . R 2–00
to a scholar in high school . . R 4–00

(b) in the case of Coloureds —

Per month

(i) a maximum grant in respect of the mother . . . . R 7–50
a maximum grant in respect of the first two children of . . R 3–00
a maximum grant in respect of the third and every further child of . . . . . R 2–00

(ii) the maximum grant (including any social pension) which may be paid to a family . . . R 18–00
Provided that a maximum amount of R8 per month in respect of a social pension which is payable to the father of a family, shall be brought into account in the maximum grant payable

(iii) the amount of means that a family may have without affecting the amount of the grant in respect of the mother and children respectively, is in respect of the mother for every adult (father and mother) . . . R 8–00
in respect of the children for every child . . . . R 1–00

(iv) the means of a family including the amounts mentioned in subparagraph (iii) above plus any state grants shall not exceed the following amount . . . R 36–00"

(b) the substitution in sub-regulation (3) for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs:—

"(a) A grant shall not be paid to a parent or guardian in terms of paragraph (a) of subregulation (1) of regulation 62, unless she is a woman —

(i) who is unmarried or a widow;

(ii) who has been deserted by her husband for a period of at least six months and his address is unknown, or, if his address is known, he does not, in the opinion of the Administrator, contribute adequately to her support;

(iii) who has been divorced or separated from her husband for at least six months and is, in the opinion of the Administrator, inadequately supported by her husband;

(iv) whose husband is in receipt of a social pension or who, if it were not for his means or residential qualifications, would have been eligible to receive such pension;

(v) wie se man vir 'n tydperk van minstens ses maande totaal ongeskik verklaar is om lonende werk te onderneem; of

(vi) wie se man vir 'n tydperk van minstens ses maande tot gevangenisstraf veroordeel is of kragtens 'n bevel vir minstens ses maande in 'n staats- of staatsondersteunde inrigting aangehou moet word.

(b) 'n Toelae mag nie ooreenkomstig paragraaf (b) van subregulasie (1) van regulasie 62 aan 'n ouer of voog betaal word nie, tensy die ouer of voog 'n vrou is, soos omskryf in paragraaf (a) van hierdie subregulasie of tensy hy 'n man is wat —

(i) 'n maatskaplike pensioen ontvang of wat, as dit nie was vir sy middele of verblyfskwalifikasies nie, bevoeg sou gewees het om so 'n pensioen te ontvang; of

(ii) vir 'n tydperk van minstens ses maande totaal geneeskundig ongeskik verklaar is om enige lonende werk te verrig";

(c) subregulasie (4) deur die volgende subregulasie te vervang:—

"(4). Vir die doeleindes van hierdie regulasie, word die volgende nie as middele of inkomste beskou nie —

(a) enige maatskaplike pensioen wat ingevolge die Ordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1965 (Ordonnansie 2 van 1965), of 'n oudstryderspensioen wat ingevolge die Duitse Oudstryderspensioenordonnansie 1965 (Ordonnansie 3 van 1965) of die Wet op Oudstryderspensioene 1962 (Wet 40 van 1962) betaalbaar is: Met dien verstande dat in die geval van Kleurlinge 'n bedrag gelyk aan R96 per jaar van sodanige maatskaplike pensioen as middele of inkomste beskou word;

(b) oppasserstoelae wat ingevolge artikel 13 (1) van die Ordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1965 (Ordonnansie 2 van 1965) en artikel 5(1) van die Wet op Oudstryderspensioene 1962 (Wet 40 van 1962) betaal word;

(c) enige bykomende bedrag betaalbaar ingevolge subregulasies (1), (2), (3) en (4) van regulasie 75 van hierdie regulasies; en

(d) enige bykomende toelaes betaalbaar ingevolge regulasie 70 (2) (a) (iv).

3. Regulasie 72 word hierby vervang deur die volgende regulasie —

„72. Die maksimum hoofdelike toelae wat ingevolge paragraaf (c) van subregulasie (1) van regulasie 62 betaal kan word, is soos volg —

(a) Gewone skaal ten opsigte van —

	Per kind per maand
(i) Blankes	R 24–00
(ii) Kleurlinge	R 9–50
(iii) Inboorlinge	R 4–35

(b) Spesiale skaal (hulptoelaes vir die onderhoud van 'n kind met liggaamlike, verstandelike of geestesgebreke of van afwykende kinders —

	Per kind per maand
(i) Blankes	R 26–00
(ii) Kleurlinge	R 10–50
(iii) Inboorlinge	R 6–40

(v) whose husband has been certified as totally unfit to undertake remunerative work for a period of at least six months; or

(vi) whose husband has been sentenced to imprisonment for at least six months or has been ordered to be detained in a state or state-aided institution for a period of at least six months.

(b) A grant shall not be paid to a parent or guardian in terms of paragraph (b) of sub-regulation (1) of regulation 62 unless the parent or guardian is a woman as defined in paragraph (a) of this sub-regulation or unless he is a man who —

(i) is in receipt of a social pension or who, if it were not for his means or residential qualifications, would have been eligible to receive such pension; or

(ii) has been certified as medically totally unfit to undertake remunerative work for a period of at least six months";

(c) the substitution for sub-regulation (4) of the following sub-regulation —

"(4) For the purpose of this regulation the following shall not be regarded as means or income —

(a) any social pensions paid in terms of the Social Pensions Ordinance, 1965 (Ordinance 2 of 1965) or war veterans' pension paid in terms of the German War Veterans' Pensions Ordinance, 1965 (Ordinance 3 of 1965) or the War Veterans' Pensions Act, 1962 (Act 40 of 1962): Provided that in the case of Coloureds an amount equal to R96 per year of such a social pension shall be regarded as means or income;

(b) attendant's allowance paid in terms of section 13 (1) of the Social Pensions Ordinance, 1965 (Ordinance 2 of 1965 and section 5 (1) of the War Veterans' Pensions Act, 1962 (Act 40 of 1962);

(c) any additional amount payable in terms of subregulations (1), (2), (3) and (4) of regulation 75 of these regulations;

(d) any additional grants payable in terms of regulation 70 (2) (a) (iv)".

3. The following regulation is hereby substituted for regulation 72 —

"72. The maximum capitation grants payable in terms of paragraph (c) of sub-regulation (1) of regulation 62 is as follows —

(a) Ordinary scale in respect of —

	Per child per month
(i) Whites	R 24–00
(ii) Coloureds	R 9–50
(iii) Natives	R 4–35

(b) Special scale (grants-in-aid for the maintenance of a child with physical, intellectual or mental disabilities or for deviate children) in respect of —

(i) Whites	R 26–00
(ii) Coloureds	R 10–50
(iii) Natives	R 6–40

Met dien verstande dat in die geval van inboorlinge wat in nie-stedelike gebiede woon, sodanige hoofdelike toelaes slegs betaal mag word ten opsigte van gevalle wat in sodanige gebiede woon of aan sodanige etniese groepe behoort as waarin of waaraan die Administrateur spesiaal goedgekeur het dat sodanige hoofdelike toelaes betaal mag word."

4. Regulasie 75 word hierby vervang deur die volgende regulasie —

"75 (1). Aan enige persoon wat in ontvangs is van 'n toelae ingevolge regulasie 62 (1) (b) en wat nie in ontvangs is van 'n maatskaplike pensioen nie, kan, benewens sodanige toelae, die volgende bykomende bedrae betaal word —

	Per jaar
(a) In die geval van Blankes . . .	R 180–00
(b) In die geval van Kleurlinge . .	R 87–00
(c) In die geval van inboorlinge . .	R 16–50

(2). Aan enige weduwee, wewenaar, ongetroude, geskeie of verlate persoon wat in ontvangs is van 'n toelae ingevolge regulasie 62 (1) (b) kan 'n spesiale bykomende bedrag soos volg betaal word —

	Per jaar
(a) In die geval van Blankes . . .	R 66–00
(b) In die geval van Kleurlinge . .	R 33–00

(3). Aan enige Blanke persoon wat in ontvangs is van 'n toelae ingevolge regulasie 62 (1) (a) en wat nie in ontvangs is van 'n maatskaplike pensioen nie, kan, benewens sodanige toelae 'n bykomende toelae van R24 per jaar betaal word.

(4). Aan enige Kleurlingweduwee, -wewenaar, geskeie, ongetroude of verlate Kleurling, of 'n Kleurlingvrou wie se man vir 'n tydperk van minstens ses maande tot gevangenisstraf veroordeel is of kragtens 'n bevel vir minstens ses maande in 'n staats- of staatsondersteunde inrigting aangehou word en wat in ontvangs is van 'n ouertoelae ingevolge regulasie 62 (1) (a) kan benewens sodanige toelae 'n bykomende toelae van R15 per jaar betaal word: Met dien verstande dat 'n ongehude moeder nie vir hierdie bykomende toelae in aanmerking kom nie totdat sy aanneemlike bewys gelewer het dat haar eis vir onderhoud teen die vader van haar kind nie geslaag het nie."

No. 218.] [1 Desember 1966

REGULASIES INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP MAATSKAPLIKE PENSIOENE 1965 (ORDONNANSIE 2 VAN 1965).

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 26 van die Ordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1965 (Ordonnansie 2 van 1965) die volgende wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 185 van 22 Oktober 1965 met ingang van die eerste dag van Julie 1966 af te kondig —

1. Regulasie 12 word hierby gewysig deur die volgende subregulasie na subregulasie (6) in te voeg:—

„(7) 'n Pensioen wat ten tyde van die instelling van 'n by regulasie voorgeskrewe wysiging van die berekening van 'n maatskaplike pensioen aan 'n persoon betaal word, kan alleenlik verminder word wanneer sy finansiële posisie sodanig verander het dat hy volgens die gewysigde metode van berekening op 'n verminderde pensioen geregtig sou wees."

Provided that in the case of Natives living in non-urban areas such capitation grants may only be paid in respect of cases residing in such areas or belonging to such ethnic groups in respect of which or whom the Administrator has specially approved the payment of such capitation grants."

4. The following regulation is hereby substituted for regulation 75 —

"75. (1) Any person who is in receipt of a grant in terms of regulation 62 (1) (b) and who is not in receipt of a social pension may in addition to such grant be paid the following additional amounts —

	Per annum
(a) in the case of whites . . .	R 180–00
(b) in the case of Coloureds . . .	R 87–00
(c) in the case of Natives . . .	R 16–50

(2) To any widow, widower, unmarried, divorced or deserted person who is in receipt of a grant in terms of regulation 62 (1) (b) a special additional amount may be paid as follows —

	Per annum
(a) in the case of whites . . .	R 66–00
(b) in the case of Coloureds . . .	R 33–00

(3) To any white person who is in receipt of a grant in terms of regulation 62 (1) (a) and who is not in receipt of a social pension, an additional grant of R24 per year may be paid in addition to such a grant.

(4) To any Coloured widow, widower, divorcee, unmarried or deserted person, or woman whose husband has been sentenced to imprisonment for at least six months or has been ordered to be detained in a State or State-aided institution for a period of at least six months, who is in receipt of a parent's grant in terms of regulation 62 (1) (a) may, in addition to such grant, be paid an additional grant of R15 per year: Provided that an unmarried mother shall not be eligible for this additional grant until she has produced acceptable evidence that her claim for maintenance from the father of her child, has been unsuccessful."

No. 218.] [1 December 1966

REGULATIONS UNDER THE SOCIAL PENSIONS ORDINANCE 1965 (ORDINANCE 2 OF 1965).

The Administrator has been pleased and by virtue of the powers vested in him by section 26 of the Social Pensions Ordinance, 1965 (Ordinance 2 of 1965), to publish the following amendment to the regulations published under Government Notice 185 dated 22 October 1965 with effect from the first day of July 1966.

1. Regulation 12 is hereby amended by the insertion of the following sub-regulation after sub-regulation (b):—

"(7) A pension which at the time of inception was by virtue of any amendment prescribed by regulation for the calculation of a social pension paid to any person, can only be reduced when his financial position is altered to such an extent that he would be entitled a reduced pension according to the amended method of calculation."

No. 219.] [1 Desember 1966

REGULASIES INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP DUITSE OUDSTRYDERSPENSIOENE 1965 (ORDONNANSIE 3 VAN 1965).

Dit behaag die Administrateur om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Ordonnansie op Duitse Oudstryderspensioene 1965 (Ordonnansie 3 van 1965) die volgende wysigings van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 184 van 22 Oktober 1965 met ingang van die eerste dag van Julie 1966 af te kondig:

1. Regulasie 7 word hierby gewysig deur —

(a) in subregulasie (1) die uitdrukking „vierhonderd twee-en-dertig rand" deur die uitdrukking „vierhonderd ses-en-vyftig rand" te vervang; en

(b) in subregulasie (2) die uitdrukking „vierhonderd twee-en-dertig rand" deur die uitdrukking „vierhonderd ses-en-vyftig rand" te vervang en die uitdrukking „seshonderd en twaalf rand" deur die uitdrukking „seshonderd agt-en-veertig rand" te vervang.

2. Regulasie 8 (2) word hierby gewysig deur paragraaf (f) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„(f) luukshede, maar sluit nie in nie motorkarre, meubels, huishoudelike uitrusting (soos yskaste, radio's, ens.) of plaasgereedskap: Met dien verstande dat as 'n oudstryder nie sy plaasgereedskap vir boerderydoeleindes self gebruik nie, die waarde daarvan wel as bates beskou word."

3. Regulasie 8 (3) word hierby gewysig deur paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe te vervang:—

„(a) Die inkomstewaarde van die bates vermeld in subregulasie (2) word soos volg bereken:—

(i) Alle onbelaste bates tot en met R2,400 word buite rekening gelaat; en

(ii) vir elke R400 of gedeelte daarvan waarmee die onbelaste bates die bedrag van R2,400 oorskry, word die inkomstewaarde as R24 beskou.

(b) Die inkomstewaarde van bates waaroor vruggebruik gehou word, word in die geval van elke individuele persoon bereken teen een en 'n halwe persent op die eerste agthonderd rand van die onbelaste waarde daarvan en twee en 'n halwe persent op die balans van sodanige onbelaste waarde: Met dien verstande dat die minimum inkomstewaarde van bates waaroor vruggebruik gehou word op eenhonderd vier-en-veertig rand per persoon vasgestel word."

4. Regulasie 8 word hierby gewysig deur —

(a) subregulasie (4) in sy geheel te skrap;

(b) subregulasie (5) te hernommer tot (4);

(c) deur die volgende voorbehoudsbepaling ná subregulasie (5) nou (4) in te voeg:—

„: Met dien verstande voorts dat in die geval waar 'n persoon afstand gedoen het van vruggebruik, die waardevermindering soos hierbo uiteengesit ook van toepassing is en die inkomstewaarde van die balans van sulke bates volgens dieselfde formule soos omskryf in regulasie 8 (3) (b) bereken word.";

(d) subregulasie (6) te hernommer tot (5); en

(e) die volgende subregulasie ná subregulasie (6) nou (5) in te voeg:—

(6) 'n Pensioen wat ten tyde van die instelling van 'n by regulasie voorgeskrewe wysiging van die berekening van 'n Duitse oudstryderspensioen aan 'n persoon betaal word, kan alleenlik verminder word wanneer sy finansiële posisie sodanig verander het dat hy

No. 219.] [1 December 1966

REGULATIONS UNDER THE GERMAN WAR VETERANS' PENSIONS ORDINANCE, 1965 (ORDINANCE 3 OF 1965).

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section 8 of the German War Veterans' Pensions Ordinance, 1965 (Ordinance 3 of 1965 to publish the following amendments to the regulations published under Government Notice 184 dated 22 October 1965 with effect from the first day of July 1966:

1. Regulation 7 is hereby amended by —

(a) the substitution for the expression "four hundred and thirty-two rand" of the expression "four hundred and fifty-six rand" in sub-regulation (1); and

(b) the substitution for the expression "four hundred and thirty-two rand" of the expression "four hundred and fifty-six rand" and the substitution for the expression "six hundred and twelve rand" of the expression "six hundred and forty-eight rand" in sub-regulation (2).

2. Regulation 8 (2) is hereby amended by the substitution for paragraph (f) of the following paragraph:—

"(f) Luxuries, but shall not include motor cars, furniture or household equipment (such as refrigerators, radios, etc.) or farming implements: Provided that if a war veteran does not himself use his farming implements for farming purposes, their value shall be deemed to be assets."

3. Regulation 8 (3) is hereby amended by the substitution for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs:—

"(a) The income value of the assets mentioned in sub-regulation (2) shall be calculated as follows —

(i) All untaxed assets up to and including the amount of R2,400 shall be left out of account; and

(ii) the income value for each R400 or portion thereof whereby the untaxed value exceeds the amount of R2,400 shall be deemed to be R24.

The income value of assets held under usufruct shall be calculated in the case of each individual person at one and a half per cent on the first eight hundred rand of the untaxed value thereof and two and half per cent on the balance of such untaxed value: Provided that the minimum income value of assets held under usufruct shall be fixed at one hundred and forty-four rand per person."

4. Regulation 8 is hereby amended by —

(a) the deletion of sub-regulation (4) in its entirety;

(b) the renumbering of sub-regulation (5) to (4);

(c) the insertion of the following proviso after sub-regulation (5) now (4):—

": Provided further that in the case where a person has relinquished usufruct, the reduction in value as set out above shall also apply and the income value of the balance thereof be calculated according to the same formula as set out in regulation 8 (3) (b);"

(d) the renumbering of sub-regulation (6) to (5); and

(e) the insertion of the following sub-regulation after sub-regulation (6) now (5):—

"(6) A pension which at the time of inception was by virtue of any amendment prescribed by regulation for the calculation of a German veteran's pension paid to any person, can only be reduced when his financial position

volgens die gewysigde metode van berekening, op 'n verminderde pensioen geregtig sou wees."

No. 220.] [1 Desember 1966

INTREKKING VAN AANSTELLING VAN VISSERYINSPEKTEUR.

Die aanstelling van meneer S. R. Fourie soos bekend gemaak by Goewermentskennisgewing 158 van 1 September 1966 word hierby ingetrek.

No. 221.] [1 Desember 1966

BYDRAES TOT DIE KOSTE VAN JAKKALSDRAADHEININGS: WYSIGING VAN DIE GRENSE VAN DIE KRING GOBABIS-SUID, DISTRIK GOBABIS.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 1 (1) van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningsproklamasie 1957 (No. 6 van 1957) soos gewysig by artikel 1 (a) van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningsproklamasie 1958 (No. 6 van 1958) sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging van die bylae van Goewermentskennisgewing 162 van 1 September 1966:

(1) Die vervanging van die uitdrukking „Marico 751, Rest. Rusgefonde 610, Ged. 1 (Braband) van Rusgefonde 610, Gemsbokpan 608, Irene 744", waar dit in die bylae voorkom deur die uitdrukking "Uitschot 607".

(2) Die skrapping van die uitdrukking „genoemde" waar dit in die bylae voor die uitdrukkings „Rest. Rusgefonde 610" en „Ged. 1 (Braband) van Rusgefonde 610" voorkom.

(3) Die invoeging van die uitdrukking „en vandaar in die distrik Gibeon — Elbow 392, en vandaar in die distrik Gobabis — Grensplaas 603" tussen die uitdrukkings — „Grensplaas 603" en „Nuweplaas 645".

No. 222.] [1 Desember 1966

Rekenpligtige beamptes tree per diensbrief met Tesourie in verbinding en sake wat aan Tesourie voorgelê moet word.

19. 'n Rekenpligtige beampte moet regstreeks per diensbrief met die Tesourie in verbinding tree in verband met alle sake betreffende die hou van rekenings, die vertolking van instruksies en magtigings, die „vestiging" of indeling van uitgawes en oorskrydings van begrotingsposte, subhoofde of dienste wat ontstaan uit magtigings reeds verleen, en moet alle sake wat regstreeks of onregstreeks met finansies verband hou, na die Tesourie verwys.

Verantwoordelikheid kan nie oorgedra word nie.

20. Geen rekenpligtige beampte, departementele rekenmeester of onderrekenmeester kan hom van verantwoordelikheid onthef deur dit aan 'n ondergeskikte beampte oor te dra nie.

Begroting van uitgawes.

21. Die begroting moet in die vorm wat van tyd tot tyd voorgeskryf mag word, deur die Minister aan die Parlement voorgelê word.

(h) furnishing the draft estimates when required;

(i) rendering to the Treasury and the Controller and Auditor-General the annual appropriation accounts in terms of section 36 of the Act, and such other accounts and returns as may be required by the Controller and Auditor-General or the Treasury;

(j) all changes having an effect on expenditure or revenue being promptly notified to his departmental accountant and sub-accountants;

(k) requisitions upon the Treasury for issues from the Exchequer Account on account of voted services or statutory appropriations.

14. An accounting officer shall not be relieved of his responsibility for an irregular payment made under the directions of a Minister or the head of the department unless it be clearly shown that the irregularity was pointed out to such Minister or head of the department in writing by the accounting officer before he made the payment and that his objection was overruled.

15. In the absence of the accounting officer, his duties and responsibilities shall devolve upon the officer taking over his administrative duties and not upon the departmental accountant, except by special arrangement with the Treasury.

Appointment of Departmental Accountants.

16. The Public Service Commission shall consult the Treasury in regard to the appointment of departmental accountants.

Responsibilities of Departmental Accountants.

17. The departmental accountant of each department shall be responsible to the accounting officer for the accurate keeping of the accounts prescribed by any act and any other accounts necessary for the proper recording of transactions arising from the various functions assigned to the accounting officer.

Departmental Accountants to take Instructions from Accounting Officer.

18. Departmental accountants or sub-accountants shall take instructions relating to accounts in their charge only from the accounting officer and all requests for the issue of such instructions shall be addressed to the accounting officer. All such instructions or requests for such instructions affecting sub-accountants shall be addressed through the departmental accountant.

Accounting Officers to Communicate with Treasury by Minute, and Matters to be Submitted to Treasury.

19. An accounting officer shall communicate directly with the Treasury by minute regarding all questions relating to the keeping of accounts, the interpretation of instructions and authorities, the incidence of expenditure and excesses upon votes, sub-heads or services arising out of authorities already given, and he shall refer all matters which have a direct or indirect bearing upon finance to the Treasury.

Responsibility cannot be Deputed.

20. An accounting officer, departmental accountant or sub-accountant cannot relieve himself of responsibility by deputing it to a subordinate official.

Estimates of Expenditure.

21. The estimates shall be submited to Parliament by the Minister in such form as may from time to time be prescribed.

Die verloop van uitgawes moet die vorm van die begroting volg.

22. Die verloop van uitgawes van elke boekjaar moet die goedgekeurde begroting en staande statutêre appropriasies volg. Uitgawes ten opsigte van bewilligde dienste waarvoor die Parlement nie voorsiening gemaak het nie, moet nie aangegaan word nie tensy die goedkeuring van die Minister eers kragtens 'n begrotingswet of 'n spesiale volmag ooreenkomstig artikel 24 van die Wet verkry is.

Uitgawes moet onder toepaslike dienshoof ingedeel word.

23. Behoudens die bepalings van enige begrotingswet wat asdan van krag is, moet alle uitgawes onder die toepaslike dienshoof soos in die begroting aangegee, ingedeel word. Indien enige vraag ontstaan oor die behoorlike indeling van enige las, moet dit na die Tesourie verwys word wie se „vestiging" of indeling afdoende is.

Bevoegdheid van die Tesourie om uitgawes waarvoor 'n begrotingswet voorsiening maak te beperk of op te skort.

24. Voorsiening wat vir uitgawes gemaak word in enige begrotingswet of in enige spesiale volmag wat kragtens artikel 24 van die Wet uitgereik is, word nie geag magtiging aan rekenpligtige beamptes te verleen om die volle bedrae aldus toegestaan uit te gee nie, maar moet beskou word as 'n aanduiding van die maksimum bedrag wat aan die gespesifiseerde dienste bestee mag word, en die Tesourie het die bevoegdheid om uitgawes waarvoor aldus voorsiening gemaak is, te beperk of op te skort indien die vereistes van die finansiële toestand sodanige beperking of opskorting wenslik maak. Die Tesourie moet van alle sodanige beperkings of opskortings rekord hou en die betrokke rekenpligtige beampte en die Kontroleur en Ouditeur-generaal dienooreenkomstig verwittig.

Betaling moet slegs gedoen word vir waarde ontvang.

25. Sonder die goedkeuring van die Tesourie mag geen finale betaling, uitgesonderd behoorlik gemagtigde hulptoelaes, uit bewilligde gelde gedoen word nie, behalwe vir dienste aan die Staat gelewer, vir waarde ontvang, of vir bedrae wat ingevolge 'n wet of 'n uitspraak van 'n bevoegde hof verskuldig is.

26. Geen betaling mag gedoen word voordat dit verskuldig word nie en, tensy die Tesourie spesiale magtiging daartoe verleen, mag geen uitgawe wat behoeftes vooruitloop aangegaan word om 'n verwagte besparing te benut of om enige ander rede nie.

27. Betalings „op rekening" ten opsigte van voorrade, dienste of werk is nie geoorloof nie, tensy dit gestaaf word deur 'n sertifikaat dat die bedrag ten volle gedek is deur die voorrade gelewer of die werk of dienste verrig: Met dien verstande dat die Tesourie in spesiale omstandighede 'n afwyking van hierdie regulasie kan goedkeur.

Amptelike kwitansies.

28. Tensy anders voorgeskryf, moet elke amptenaar onverwyld 'n amptelike kwitansie uitreik vir alle gelde wat hy in sy amptelike hoedanigheid ontvang: Met dien verstande dat waar betaling aan die Staat by wyse van 'n vooruitgedateerde tjek gedoen word, 'n amptelike kwitansie nie voor die datum van die tjek uitgereik mag word nie.

Bewysstukke moet ter staving van betalings verstrek word.

29. (1) Behalwe soos in artikel 12 (b) (ii) van die Wet bepaal, moet bewysstukke verstrek word vir alle betalings wat 'n rekenpligtige beampte teen sy begrotingspos in rekening gebring het of by wyse van terugtrekkings of terugbetalings uit oplopende inkomste gedoen het.

(2) Subbewysstukke moet verstrek word ter staving van eise vir terugbetaling van bedrae wat bestee is. Wanneer subbewysstukke nie verkry kan word nie, moet 'n sertifikaat uitgereik word dat die betrokke koste werklik

Course of Expenditure to Follow the Estimates.

22. The course of each financial year's expenditure shall follow the approved estimates and standing statutory appropriations. Expenditure in respect of voted services for which Parliament has made no provision, shall not be incurred unless the approval of the Minister in terms of an appropriation act or a special warrant in accordance with section 24 of the Act has first been obtained.

Expenditure to be Classed under Appropriate Head of Service.

23. Subject to the provisions of any appropriation act for the time being in force all expenditure must be classed under the appropriate head of service as shown in the estimates. If any question arises as to the proper classification of any charge, it shall be referred to the Treasury, whose classification shall be final.

Power of the Treasury to Limit or Suspend Expenditure Provided in an Appropriation Act.

24. The provision for expenditure included in any appropriation act or in any special warrant issued under section 24 of the Act shall not be deemed to confer upon accounting officers' authority to expend the full amount of the sums so granted, but shall be regarded as indicating the maximum amount that may be devoted to the services specified, and it shall be within the power of the Treasury to limit or suspend expenditure so provided if the exigencies of the financial situation render such limitation or suspension desirable. All such limitations or suspensions of expenditure shall be recorded in the Treasury, and shall be notified by the Treasury to the accounting officer concerned and the Controller and Auditor-General.

Payments to be Made only for Value Received.

25. Without the approval of the Treasury no final payment, except duly authorised grants-in-aid, shall be made from voted moneys except for services rendered to the State or for value received or for sums due under statute or in pursuance of judgment of a competent court.

26. No payment shall be made before it becomes due, and, unless specially authorised by the Treasury, no expenditure shall be incurred in advance of requirements in order to utilise an anticipated saving or for any other reason.

27. Payments "on account" in respect of supplies, services or work are not permitted unless supported by a certificate that the amount is fully covered by the supplies delivered or the work or services performed: Provided that in special circumstances the Treasury may authorise a departure from this regulation.

Official Receipts.

28. Unless otherwise prescribed, every official shall immediately give an official receipt for all moneys received by him in his official capacity: Provided that where a payment is made to the State by means of a post-dated cheque an official receipt shall not be issued before the date of such cheque.

Vouchers to be Furnished in Support of Payments.

29. (1) Except as provided in section 12 (b) (ii) of the Act, vouchers must be furnished for all payments which an accounting officer has charged against his vote or made as drawbacks or refunds from accruing revenues.

(2) Sub-vouchers shall be furnished in support of claims for reimbursement of sums expended. When subvouchers cannot be obtained, a certificate that the charges in question have actually been incurred and paid upon

ten laste van die staatsdiens aangegaan en betaal is en dat kwitansies onverkrygbaar was.

Amptelike bankrekenings; Tesouriemagtiging vereis; oortrekkings verbode.

30. Die amptelike bankrekening(s) van rekenpligtige beamptes en sodanige ander amptenare as wat voorgeskryf mag wees, moet by die Betaalmeester-generaal gehou word: Met dien verstande dat waar dit noodsaaklik geag word dat 'n beampte toegelaat word om 'n amptelike rekening by enige bank te open, die skriftelike magtiging van die Tesourie eers verkry moet word, waarna die Tesourie die nodige opdragte aan die bank sal uitreik.

31. Geen amptelike bankrekening —

(a) mag oortrek word nie, wat beteken dat die boeke van die departement ook nie mag toon dat die rekening by die Betaalmeester-generaal of die bank oortrek is nie; of

(b) mag vir ander doeleindes as transaksies in 'n amptelike hoedanigheid deurgevoer, gebruik word nie.

Voorskotte uit bewilligde gelde verbode.

32. Geen voorskot, uitgesonderd lenings wat spesifiek deur die Parlement gemagtig is, of 'n voorskot vereis in verband met die administrasie van 'n departement waarvoor die Tesourie se goedkeuring eers verkry moet word, mag deur 'n rekenpligtige beampte uit bewilligde gelde gemaak word nie, behalwe aan 'n onderrekenmeester vir die dienste waarvoor hy verantwoording doen, of aan 'n ander departementele amptenaar vir 'n doel wat in hierdie regulasies of in Tesourie-instruksies gespesifiseer is. Sodanige voorskotte moet verantwoord word soos in hierdie regulasies bepaal of soos voorgeskryf.

Trustgelde.

33. Alle trust- en dergelike fondse, en alle gelde wat tydelik by 'n rekenpligtige beampte of ander beampte gedeponeer is, moet as deposito's beskou word en soos deur die Tesourie voorgeskryf, behandel word, behalwe waar anders by wet of spesiale regulasies bepaal.

34. So spoedig moontlik nadat die rekenings ten opsigte van enige boekjaar afgesluit is, maar in elke geval binne drie maande na die afsluiting van die boekjaar, moet alle rekenpligtige beamptes of ander amptenare wat met die ontvangs, bewaring en betaling van trust- en ander dergelike fondse belas is, aan die Kontroleur en Ouditeur-generaal sodanige rekenings verstrek as wat die Tesourie na oorlegpleging met die Kontroleur en Ouditeur-generaal mag voorskryf.

Gebruik van staatsgelde vir ongemagtigde doeleindes verbode.

35. Geen amptenaar mag enige staatsgelde of -eiendom vir persoonlike of enige ander doeleindes gebruik nie, tensy hierdie regulasies of die Tesourie magtiging daartoe verleen, en 'n amptenaar mag ook nie enige bedrag of eiendom waarvoor hy aan die Staat verantwoordelik is of wat hy in sy amptelike hoedanigheid ontvang het, voorskiet, leen of verruil nie.

Verliese van staatsgelde en -eiendom moet gerapporteer en goedgemaak word.

36. (1) Verliese wat ontstaan uit enige onbehoorlike betaling, vrugtelose uitgawe of versuim om gelde wat aan die Staat verskuldig is, in te vorder, of enige tekort in, verlies, vernietiging of beskadiging van staatsgelde, seëls, sigwaardestukke en vorms met 'n potensiële waarde, sekuriteite, voorrade of ander staatseiendom, moet onmiddellik deur die rekenpligtige beampte aan die Kontroleur en Ouditeur-generaal gerapporteer word en die beskikbare besonderhede moet verstrek word: Met dien verstande dat die Kontroleur en Ouditeur-generaal kan bepaal dat 'n verslag nie ingedien hoef te word nie of andersins kan toelaat dat sekere verliese deur middel van state op gesette tye gerapporteer word.

the public service and that receipts were unobtainable, shall be given.

Official Banking Accounts; Treasury Authority Required; Overdrafts Prohibited.

30. The official banking account(s) of accounting officers and such other officials as may be prescribed shall be with the Paymaster-General: Provided that where it is deemed essential that an official should be allowed to open an official account with any bank, the written authority of the Treasury must first be obtained whereupon Treasury will issue the requisite instructions to the bank.

31. No official banking account —

(a) may be overdrawn, which implies that the books of the department should also not show that the account with the Paymaster-General or the bank has been overdrawn; or

(b) shall be used for purposes other than transactions performed in an official capacity.

Advances from Voted Moneys Prohibited.

32. No advance not being a loan specifically authorised by Parliament or an advance required in connection with the administration of a department in which latter case Treasury approval must first be obtained, shall be made by an accounting officer from voted moneys except to a sub-accountant for the services for which he accounts or to some other departmental official for a purpose specified in these regulations or in Treasury instructions and such advances shall be accounted for as laid down in these regulations or as prescribed.

Trust Moneys.

33. All trust and similar funds and all moneys temporarily deposited with an accounting officer or other official shall be treated as deposits and dealt with as the Treasury may direct except as otherwise provided by law or special regulations.

34. As soon as possible after the accounts have been closed in respect of any financial year, but in every case within three months after the close of the financial year, all accounting officers or other officials entrusted with the receipt, custody and payment of trust and other similar funds shall render to the Controller and Auditor-General such accounts as the Treasury, after consultation with the Controller and Auditor-General, may direct.

Use of Public Moneys for Unauthorised Purposes Prohibited.

35. No official shall unless authorised by these regulations or the Treasury make use of any public money or property for personal or other purposes nor shall any official advance, lend or exchange any sum or property for which he is answerable to the State or which he has received in his official capacity.

Losses of Public Moneys and Property to be Reported and Made Good.

36. (1) Losses arising from any improper payment, fruitless expenditure or failure to collect any moneys due to the State, or any deficiency in, loss or destruction of or damage to public moneys, stamps, face value instruments and forms having a potential value, securities, stores or other state property, shall be reported immediately by the accounting officer to the Controller and Auditor-General with such particulars as are available: Provided that the Controller and Auditor-General may dispense with the submission of a report or otherwise allow that certain losses be reported by means of Schedules at stated intervals.

(2) Dit is die rekenpligtige beampte se verantwoordelikheid om te verseker dat alle verliese goedgemaak word deur die amptenaar wat daarvoor verantwoordelik is of die persoon wat voordeel daaruit getrek het.

(3) Indien 'n verlies nie ten volle verhaal word nie, moet die uitstaande bedrag uit bewilligde gelde betaal of afgeskryf word, na gelang van die geval, mits Tesouriegoedkeuring vooraf verkry is.

Afwykings van hierdie regulasies slegs toelaatbaar indien die Tesourie magtiging daartoe verleen.

37. 'n Afwyking van hierdie regulasies sal slegs toegelaat word indien die Tesourie vooraf magtiging daartoe verleen het na oorlegpleging met die Kontroleur en Ouditeur-generaal.

No. R. 1636 (Republiek).] [21 Oktober 1966

LUGVAARTREGULASIES, 1963.

Die Minister van Vervoer het die regulasies in bygaande Bylae vervat, kragtens die bepalings van artikel 22 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet No. 74 van 1962), soos gewysig, gemaak.

BYLAE.

(NO. 6.)

Die Lugvaartregulasies, 1963, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1779 van 15 November 1963, en soos gewysig*, word hierby soos volg verder gewysig:—

1. Regulasie 1.1 word gewysig deur in die Engelse teks van subregulasie (1) die syfers „1962" deur die syfers „1963" te vervang.

2. Regulasie 1.2 word gewysig deur die volgende woordomskrywing na die woordomskrywing van „hoogte" in te voeg:—

„ 'helikopter', 'n lugvaartuig wat swaarder is as lug en wat in vlug gesteun word deur die reaksies van die lug op een of meer kragaangedrewe rotors op wesenlik vertikale asse;".

3. Regulasie 1.3 word gewysig deur die volgende subregulasie by te voeg terwyl die bestaande regulasie subregulasie (1) word:—

„(2) Behoudens die bepalings van regulasie 13.8A. is hierdie regulasies ook nie van toepassing nie op 'n rotorvlerklugvaartuig wat, met die doel om te vlieg —

(a) deur 'n voertuig of vaartuig wat op die oppervlakte beweeg, gesleep moet word; of

(b) aan die oppervlakte vasgemeer moet word.".

4. Regulasie 1.10*bis* word gewysig deur —

(a) die volgende woorde na die woord „lê" in subregulasie (1) by te voeg:—
„op 'n datum en op 'n tyd en plek wat deur die Kommissaris van Burgerlugvaart aangewys mag word.";

(b) in die Engelse teks van subregulasie (2) die woord „of" waar dit die tweede keer voorkom, deur die woord „or" te vervang; en

(c) deur in subregulasie (3) die woord „paragraaf" waar dit ook al voorkom, deur die woord „subregulasie" te vervang en deur die woorde „vasgestelde plek en tyd" deur die woorde „aangewese datum, tyd en plek" te vervang.

5. Die volgende regulasie word na regulasie 10.2 ingevoeg:—

(2) The accounting officer shall be responsible for ensuring that all losses are made good by the official responsible or the person who has benefited thereby.

(3) Should a loss not be recovered in full, the amount outstanding shall, upon prior Treasury approval having been obtained, be made good out of voted moneys or written off charge, as the case may be.

Departures from these Regulations only Permissible on Authority of the Treasury.

37. A departure from these regulations will be permitted only with prior Treasury approval given after consultation with the Controller and Auditor-General.

No. R. 1636 (Republic).] [21 October 1966

AIR NAVIGATION REGULATIONS, 1963.

The Minister of Transport has, in terms of section 22 of the Aviation Act, 1962 (Act No. 74 of 1962), as amended, made the regulations contained in the Schedule hereto.

SCHEDULE.

(NO. 6.)

The Air Navigation Regulations, 1963, as promulgated by Government Notice No. R. 1779 of 15th November, 1963, and as amended*, are hereby further amended as follows:—

1. Regulation 1.1 is amended by the substitution in the English text of subregulation (1) for the figures "1962" of the figures "1963".

2. Regulation 1.2 is amended by the insertion after the definition of "height" of the following definition —

" 'helicopter' means a heavier-than-air aircraft supported in flight by the reactions of the air on one or more power-driven rotors on substantially vertical axes;".

3. Regulation 1.3 is amended by the addition of the following subregulation, the existing regulation becoming subregulation (1):—

"(2) Subject to the provisions of regulation 13.8A these regulations shall also not apply to a rotary-winged aircraft which is intended for purposes of flight —

(a) to be towed by a vehicle or vessel travelling on the surface; or

(b) to be moored on the surface.".

4. Regulation 1.10*bis* is amended by —

(a) the insertion in subregulation (1) after the word "undergo" of the following words —
"on a date and at a time and place which may be specified by the Commissioner for Civil Aviation";

(b) the substitution in the English text of subregulation (2) for the word "of" where it occurs for the second time of the word "or"; and

(c) by the substitution in subregulation (3) for the word "paragraph" wherever it occurs of the word "subregulation" and by the substitution for the words "appointed place and time" of the words "specified date, time and place".

5. The following regulation is inserted after regulation 10.2:—

„AFNAME IN MEDIESE GESKIKTHEID.

10.2A. (1) Waar die mediese geskiktheid van die houer van 'n lisensie, sertifikaat of graad na die mening van die Kommissaris van Burgerlugvaart afgeneem het in so 'n mate dat hy nie aan die mediese vereistes van toepassing op die uitreiking of hernuwing van sy lopende geldige lisensie, sertifikaat of graad, kan voldoen nie, kan die Kommissaris van Burgerlugvaart, na redelike skriftelike kennisgewing aan sodanige houer, van hom eis dat hy voor of op 'n datum wat deur die Kommissaris van Burgerlugvaart bepaal word, op sy eie koste die mediese ondersoek ondergaan wat in **hierdie regulasies** voorgeskryf word vir die uitreiking of hernuwing van sy lisensie, sertifikaat of graad.

(2) Indien die mediese ondersoek wat ingevolge subregulasie (1) vereis word, toon dat die houer se standaard van mediese geskiktheid benede dié is wat vir die uitreiking of hernuwing van die betrokke lisensie, sertifikaat of graad vereis word, moet die Kommissaris van Burgerlugvaart daardie lisensie, sertifikaat of graad opskort totdat die houer tot tevredenheid van die Kommissaris van Burgerlugvaart kan bewys dat hy in staat is om aan die mediese vereistes te voldoen wat van toepassing is op die uitreiking of hernuwing van daardie lisensie, sertifikaat of graad.

(3) Indien die houer van 'n lisensie, sertifikaat of graad, wat behoorlik ingevolge subregulasie (1) in kennis gestel is, sonder redelike gronde versuim om die mediese ondersoek voor of op die bepaalde datum te ondergaan, word sy mediese geskiktheid geag benede die standaard te wees wat vir die uitreiking of hernuwing van daardie lisensie, sertifikaat of graad vereis word en is die bepalings van subregulasie (2) *mutatis mutandis* van toepassing.".

6. Regulasie 10.7 word gewysig deur —

(a) die uitdrukking „regulasie 10.2" deur die uitdrukking „regulasies 10.2 en 10.2A" te vervang; en

(b) deur die volgende voorbehoudsbepalings by te voeg:—

„Met dien verstande dat in die geval van 'n private vlieër, 'n private glyvlieër of 'n vryballonvlieër wat 40 jaar oud of ouer is, die mediese geskiktheidssertifikaat vir 12 maande geldig is.".

7. Regulasie 10.8 word gewysig deur die uitdrukking „12 maande vir 'n private vlier se lisensie;" deur die uitdrukking „24 maande vir 'n private vlieër se lisensie;" te vervang.

8. Die volgende opskrif word na regualsie 10.8 ingevoeg:—

„HOUER VAN MEER AS EEN KLAS LISENSIE, SERTIFIKAAT OF GRAAD.".

9. Regulasie 10.15 word gewysig deur —

(a) in die Engelse teks van subregulasie (2) (a) die woord „the" waar dit die laaste keer voorkom, deur die woord „five" te vervang;

(b) deur in die Afrikaanse teks van subregulasie (9) die woord „vliegtuig" deur die woord „lugvaartuig" te vervang;

(c) die voorbehoudsbepaling van subregulasie (9) te skrap; en

(d) deur die volgende subregulasie by te voeg:—

„(10) Enigeen wat voldoen aan die vereistes van paragraaf B.1.16. (1) (a),

"DECREASE IN MEDICAL FITNESS.

10.2 A. (1) Where in the opinion of the Commissioner for Civil Aviation, the medical fitness of the holder of a licence, certificate or rating has decreased to an extent which renders him unable to meet the medical requirements applicable to the issue or renewal of his currently effective licence, certificate or rating, the Commissioner for Civil Aviation may, after reasonable notice in writing to such holder, require him at his own expense to undergo on or before a date specified by the Commissioner for Civil Aviation, the medical examination prescribed in these regulations for the issue or renewal of his licence, certificate or rating.

(2) If the medical examination required in terms of subregulation (1) discloses that the holder's standard of medical fitness is below that required for the issue or renewal of the licence, certificate or rating concerned, the Commissioner for Civil Aviation shall suspend that licence, certificate or rating until such time as the holder is able to show to the satisfaction of the Commissioner for Civil Aviation that he is able to meet the medical requirements applicable to the issue or renewal of that licence, certificate or rating.

(3) If the holder of a licence, certificate or rating, who has been duly notified in terms of subregulation (1), fails without reasonable cause to undergo the medical examination on or before the date specified, his medical fitness shall be deemed to be below the standard required for the issue or renewal of that licence, certificate or rating and the provisions of subregulation (2) shall *mutatis mutandis* apply.".

6. Regulation 10.7 is amended —

(a) by the substitution for the expression "regulation 10.2" of the expression "regulations 10.2 and 10.2A"; and

(b) by the addition of the following proviso:—

"Provided that in the case of a private pilot, a private glider pilot or a free balloon pilot who is 40 years of age or over, the medical certificate of fitness shall be effective for 12 months.".

7. Regulation 10.8 is amended by the substitution for the expression "12 months for a private pilot licence" of the expression "24 months for a private pilot licence".

8. The following heading is inserted after regulation 10.8:—

"HOLDER OF MORE THAN ONE CLASS OF LICENCE, CERTIFICATE OR RATING.".

9. Regulation 10.15 is amended by —

(a) the substitution in the English text of subregulation (2) (a) for the word "the" where it occurs for the last time of the word "five";

(b) by the substitution in the Afrikaans text of subregulation (9) for the word "vliegtuig" of the word "lugvaartuig";

(c) the deletion of the proviso to subregulation (9); and

(d) by the addition of the following subregulation:—

"(10) Any person meeting the requirements of paragraph B.1.16. (1) (a),

(b) en (c) van Byvoegsel B.1, word toegelaat om in die hoedanigheid van 'n boordingenieur op te tree: Met dien verstande dat hy aldus optree onder die regstreekse toesig van die houer van 'n boordingenieurslisensie met 'n tipegraad wat op daardie lugvaartuig van toepassing is, of onder die regstreekse toesig van 'n gemagtigde persoon of, in 'n lugvaartuig wat nie ingevolge subregulasie (4) van regulasie 2.9 'n boordingenieur aan boord moet hê nie, onder die regstreekse toesig van die gesagvoerder van daardie lugvaartuig.".

10. Regulasie 10.17 word gewysig deur die volgende subregulasie by te voeg:—

„(5)Waar 'n lisensie of graad verval het, kan die Kommissaris van Burgerlugvaart sodanige lisensie of graad hernieu indien die voorgeskrewe vereistes vir die hernuwing van daardie lisensie of graad en dié voorgeskrewe vereistes vir die uitreiking van daardie lisensie of graad wat die Kommissaris van Burgerlugvaart nodig mag ag, nagekom is.".

11. Die volgende regulasies word na regulasie 13.8 ingevoeg:—

„VLUGTE VAN SEKERE ROTORVLERKLUGVAARTUIE.

13.8A. Behalwe met die skriftelike toestemming van die Kommissaris van Burgerlugvaart en behoudens dié voorwaardes wat hy mag oplê, mag 'n rotorvlerklugvaartuig wat, met die doel om te vlieg, gesleep word deur 'n voertuig of vaartuig wat op die oppervlakte beweeg of wat aan die oppervlakte vasgemeer word —

(a) nie hoër as 150 voet bokant die oppervlakte waarop die slepende voertuig of vaartuig beweeg of waaraan so 'n lugvaartuig vasgemeer is, gevlieg word nie;

(b) nie nader as 5 seemyl van die vliegveld-uitgangspunt van 'n vliegveld gevlieg word nie; of

(c) nie van 'n openbare pad opstyg of daarop neerstryk of bokant sodanige pad gevlieg word nie.

HELIKOPTERVLUGTE.

13.8B. (1) 'n Helikopter mag nie op 'n plek neerstryk of daarvandaan opstyg nie tensy daardie plek so geleë is dat daardie helikopter by die ontstaan van 'n noodtoestand tydens sodanige neerstryking of opstyging in staat sal wees om sonder buitensporige gevaar vir persone of eiendom op die oppervlakte neer te stryk.

(2) 'n Helikopter mag nie 'n buitevrag vervoer nie tensy lit op so 'n manier vervoer word dat dit moontlik sal wees om sodanige vrag by die ontstaan van 'n noodtoestand sonder buitensporige gevaar vir persone of eiendom op die oppervlakte of vir die helikopter te los.".

12. Regulasie 13.11 word gewysig deur —

(a) in subregulasie (1) die woorde „die digbevolkte dele van stede, dorpe of nedersettings" deur die woorde „beboude gebiede" te vervang; en

(b) deur in subregulasie (1) die uitdrukking „2,000 voet (600 meter)" waar dit die eerste keer voorkom, deur die uitdrukking „1,000 voet (300 meter)" te vervang.

13. Regulasie 13.16 word deur die volgende regulasie vervang:—

(b) and (c) of Appendix B.1 shall be permitted to act in the capacity of flight engineer; Provided that he is so acting under the direct supervision of the holder of a flight engineer licence with a type rating appropriate to that aircraft or under the direct supervision of an authorised person or, in an aircraft which is not required in terms of subregulation (4) of regulation 2.9 to carry a flight engineer, under the direct supervision of the pilot-in-command of that aircraft.".

10. Regulation 10.17 is amended by the addition of the following subregulation:—

"(5) Where a licence or rating has lapsed the Commissioner for Civil Aviation may renew such licence or rating if the prescribed requirements for the renewal of that licence or rating and such of the prescribed requirements for the issue of that licence or rating as he may deem necessary, have been met.".

11. The following regulations are inserted after regulation 13.8:—

"OPERATION OF CERTAIN ROTARY-WINGED AIRCRAFT.

13.8A. Except with the written permission of the Commissioner for Civil Aviation and subject to such conditions as he may impose, a rotary-winged aircraft which is intended, for purposes of flight, to be towed by a vehicle or vessel travelling on the surface or to be moored on the surface, shall not —

(a) be flown higher than 150 feet above the surface on which the towing vehicle or vessel is travelling or to which such aircraft is moored;

(b) be flown closer than 5 nautical miles from the aerodrome reference point of an aerodrome; or

(c) take off from, land on or be flown above any public road.

HELICOPTER OPERATIONS.

13.8B. (1) A helicopter shall not land on or take-off from any place unless that place is so situated as to permit that helicopter, in the event of an emergency arising during such landing or take-off, to land without undue hazard to persons or property on the surface.

(2) A helicopter shall not carry an external load unless it is carried in such a manner as to permit, in the event of an emergency arising, of such load being jettisoned without undue hazard to persons or property on the surface or to the helicopter.".

12. Regulation 13.11 is amended by —

(a) the substitution in subregulation (1) for the words "the congested areas of cities, towns or settlements" of the words "built-up areas"; and

(b) by the substitution in subregulation (1) for the expression "2,000 feet (600 metres)" where it occurs for the first time of the expression "1,000 feet (300 metres)".

13. The following regulation is substituted for regulation 13.16 —

„VALSKERMDALINGS.

13.16. (1) Die Kommissaris van Burgerlugvaart kan gebiede aanwys waarin valskermdalings van lugvaartuie af mag plaasvind.

(2) Wanneer die Kommissaris van Burgerlugvaart die gebiede ingevolge subregulasie (1) aanwys, mag hy voorwaardes oplê om die veiligheid van lugverkeer of van valskermspringers of persone of eiendom op die oppervlakte te verseker en mag hy verskillende voorwaardes ten opsigte van verskillende gebiede oplê en te eniger tyd 'n voorwaarde wat aldus opgelê is, wysig of intrek of verdere voorwaardes oplê.

(3) Behalwe in 'n noodgeval, mag geen persoon 'n valskermdaling vanuit 'n lugvaartuig onderneem nie en mag die gesagvoerder van sodanige lugvaartuig nie toelaat dat 'n valskermdaling vanuit daardie lugvaartuig onderneem word nie tensy so 'n daling binne 'n gebied wat ingevolge subregulasie (1) aangewys is, begin en voltooi word en onderneem word ooreenkomstig die voorwaardes wat ingevolge subregulasie (2) ten opsigte van die betrokke gebied opgelê is.".

14. Byvoegsel B.1 word gewysig deur —

(a) die syfers „1950" waar hulle ook al in hierdie Byvoegsel voorkom, deur die syfers „1963" te vervang;

(b) in die Engelse teks van paragraaf B.1.2. (1) (d) (i) die woorde „provided that" te skrap;

(c) in die Engelse teks van paragraaf B.1.2. (1) (d) (ii) die woorde „provided that" na die woord „route" in te voeg;

(d) in paragraaf B.1.11. (1) (a) (ii) al die woorde na die woord „aansoek" te skrap;

(e) in die Engelse teks van paragraaf B.1.15. (1) (d) (i) die woord „night" na die woord „cross-country" in te voeg;

(f) in die Engelse teks van paragraaf B.1.18. (3) (a) die woorde „flight radiotelegraphy operator in aircraft in flight for a period of not less than twenty-five hours during the twelve months immediately preceding the date of application." deur die woorde „approval as satisfactory for the renewal of a flight" te vervang; en

(g) deur in die Engelse teks van paragraaf B.1.18. (3) (b) die woorde „approval as satisfactory for the renewal of a flight" deur die woorde „flight radiotelegraphy operator in aircraft in flight for a period of not less than twenty-five hours during the twelve months immediately preceding the date of appilcation." te vervang.

15. (1) Byvoegsel E word gewysig —

(a) deur paragraaf E.3. (1) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„Lugskepe.

E.3. (1) Die kenmerke op 'n lugskip moet óf op die romp óf op die stabiliseerderoppervlaktes voorkom. Waar die kenmerke op die romp voorkom, moet hulle in die lengte op beide kante van die romp en ook op die boonste oppervlakte op die simmetrielyn voorkom. Waar die kenmerke op die stabiliseerderoppervlaktes voorkom, moet hulle op die horisontale en die vertikale stabiliseerders voorkom; die kenmerke op die horisontale stabiliseerder moet op die regterhelfte van die boonste oppervlakte en op die linkerhelfte van die

"PARACHUTE DESCENTS.

13.16. (1) The Commissioner for Civil Aviation may specify areas in which parachute descents from aircraft may be made.

(2) In specifying areas in terms of subregulation (1) the Commissioner for Civil Aviation may impose conditions to ensure the safety of air traffic or parachutists or of persons or property on the surface and he may impose different conditions in respect of different areas and at any time amend or cancel any condition so imposed or impose any further conditions.

(3) Except in an emergency no person shall make a parachute descent from an aircraft and the pilot-in-command of such aircraft shall not permit a parachute descent to be made from that aircraft unless such descent is commenced and completed in an area specified in terms of subregulation (1) and is made in compliance with the conditions imposed in terms of subregulation (2) in respect of the area concerned.".

14. Appendix B.1 is amended by —

(a) the substitution for the figures "1950" wherever they appear in this Appendix of the figures "1963";

(b) the deletion in the English text of paragraph B.1.2. (1) (d) (i) of the words "provided that";

(c) the insertion in the English text of paragraph B.1.2. (1) (d) (ii) after the word "route" of the words "provided that";

(d) the deletion in paragraph B.1.11. (1) (a) (ii) of all the words after the word "application";

(e) the insertion in the English text of paragraph B.1.15. (1) (d) (i) after the word "cross-country" of the word "night";

(f) the substitution in the English text of paragraph B.1.18. (3) (a) for the words "flight radiotelegraphy operator in aircraft in flight for a period of not less than twenty-five hours during the twelve months immediately preceding the date of application." of the words "approval as satisfactory for the renewal of a flight"; and

(g) by the substitution in the English text of paragraph B.1.18. (3) (b) for the words "approval as satisfactory for the renewal of a flight" of the words "flight radiotelegraphy operator in aircraft in flight for a period of not less than twenty-five hours during the twelve months immediately preceding the date of application.".

15. (1) Appendix E is amended —

(a) by the substitution for paragraph E.3. (1) of the following paragraph:—

"Airships.

E.3. (1) The marks on an airship shall appear either on the hull, or on the stabilizer surfaces. Where the marks appear on the hull, they shall be located lengthwise on each side of the hull and also on its upper surface on the line of symmetry. Where the marks appear on the stabilizer surfaces, they shall appear on the horizontal and on the vertical stabilizers; the marks on the horizontal stabilizer shall be located on the right half of the upper surface and on the left half of the

onderste oppervlakte voorkom, met die bokant van die letters na die voorraad; die kenmerke op die vertikale stabiliseerder moet aan beide kante van die onderste halfstabiliseerder voorkom, met die letters horisontaal geplaas.";

(b) deur paragraaf E.4. (1) (a) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„Vlerke.

E.4. (1) (a) Op vliegtuie swaarder as lug moet die kenmerke een maal op die onderste oppervlakte van die vlerkstruktuur voorkom. Hulle moet op die linkerhelfte van die onderste oppervlakte van die vlerkstruktuur aangebring word tensy hulle oor die hele onderste oppervlakte van die vlerkstruktuur strek. Sover moontlik moet die kenmerke ewe ver van die voor- en agterrand van die vlerke aangebring word. Die bokante van die letters moet na die voorrand van die vlerk wees.";

(c) deur paragraaf E.5. (2) (a) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„LUGVAARTUIE LIGTER AS LUG.

(2) (a) Die kenmerke op lugvaartuie ligter as lug moet minstens 20 duim (50 sentimeters) hoog wees.";

(d) deur paragraaf E.5. (2) (b) (ii) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„Romp (of ekwivalente struktuur en vertikale stertvlakke).

(ii) Die kenmerke op die romp (of ekwivalente struktuur) en op die vertikale stertvlakke van lugvaartuie swaarder as lug moet minstens 12 duim (30 sentimeter) hoog wees.";

(e) deur paragrawe E.5 (4), (5) en (6) deur die volgende paragrawe te vervang:—

„TIPES LETTERS VIR NASIONALITEITS- EN INSKRYWINGSKENMERKE.

(3) A. Die letters moet Romeinse hoofletters sonder versiering wees.

(4) Die wydte van elke letter (behalwe die letter I) en die lengte van koppeltekens moet twee-derdes van die hoogte van 'n letter wees.

(5) Die letters en koppeltekens moet met volstrepe gevorm word en moet van 'n kleur wees wat 'n duidelike kontras met die agtergrond vorm. Die breedte van die strepe moet een-sesde van die hoogte van 'n letter wees.

(6) Elke letter moet van die onmiddellik voorafgaande of volgende een geskei wees deur 'n ruimte van minstens 'n kwart van die letterbreedte. 'n Koppelteken sal vir hierdie doel as 'n letter beskou word.".

(2) Lugvaartuie wat in die lopende register van Suid-Afrikaanse lugvaartuie ingeskryf is op die datum waarop die wysigings vervat in paragraaf (1) in werking tree, hoef nie voor die dertigste dag van Junie 1971 aan die betrokke bepalings van die Lugvaartregulasies, 1963, soos gewysig by die genoemde paragraaf (1) te voldoen nie, mits hulle tot daardie datum voldoen en voortgaan om te voldoen aan die betrokke bepalings van die Lugvaartregulasies, 1963, wat van krag was op die

lower surface, with the tops of the letters toward the leading edge; the marks on the vertical stabilizer shall be located on each side of the bottom half stabilizer, with the letters placed horizontally.";

(b) by the substitution for paragraph E.4. (1) (a) of the following paragraph:—

"Wings.

E.4. (1) (a) On heavier-than-air aircraft the marks shall appear once on the lower surface of the wing structure. They shall be located on the left half of the lower surface of the wing structure unless they extend across the whole of the lower surface of the wing structure. So far as is possible the marks shall be located equidistant from the leading and trailing edges of the wings. The tops of the letters shall be toward the leading edge of the wing.";

(c) by the substitution for paragraph E.5. (2) (a) of the following paragraph:—

"LIGHTER-THAN-AIR AIRCRAFT.

(2) (a) The height of the marks on lighter-than-air aircraft shall be at least 20 inches (50 centimetres).";

(d) by the substitution for paragraph E.5. (2) (b) (ii) of the following paragraph:—

"Fuselage (or Equivalent Structure and Vertical Tail Surfaces.

(ii) The height of the marks on the fuselage (or equivalent structure) and on the vertical tail surfaces of heavier-than-air aircraft shall be at least 12 inches (30) centimetres)."; and

(e) by the substitution for paragraphs E.5. (4), (5) and (6) of the following paragraph:—

"TYPES OF CHARACTERS FOR NATIONALITY AND REGISTRATION MARKS.

(3) A. The letters shall be capital letters in Roman characters without ornamentation.

(4) The width of each character (except the letter I), and the length of hyphens shall be two-thirds of the height of a character.

(5) The character and hyphens shall be formed by solid lines and shall be of a colour contrasting clearly with the background. The thickness of the lines shall be one-sixth of the height of a character.

(6) Each character shall be separated from that which it immediately precedes or follows by a space of not less than one-quarter of a character width. A hyphen shall be regarded as a character for this purpose.".

(2) Aircraft registered in the current register of South African aircraft on the date on which the amendments, contained in paragraph (1), come into operation shall not be required to comply with the relative provisions of the Air Navigation Regulations, 1963, as amended, by the said paragraph (1), before the thirtieth day of June, 1971, provided that until that date they comply and continue to comply with the relative provisions of the Air Navigation Regulations, 1963, in force on the day prior to the date on which the amendments

dag voor die datum waarop die wysigings vervat in die genoemde paragraaf (1) in werking tree.

16. Byvoegsel G word gewysig —

(a) deur paragraaf G.1. (3) te skrap;

(b) deur in die Afrikaanse teks van paragraaf G.2. (4) die uitdrukking „O.L. 18° 37′ 43″" deur die uitdrukking „O.L. 18° 47′ 43″" te vervang;

(c) deur die volgende subparagrawe aan paragraaf G.2. toe te voeg:—

„(7) Robbekolonie by Wolfsbaai —
Geleë naby Luderitz, S.W.A. —
Sirkel met straal van 2 seemyl.
Middelpunt
S.B. 26° 49′ 18″
O.L. 15° 07′ 30″;

(8) Voëleiland by Walvisbaai —
Sirkel met straal van 1 seemyl.
Middelpunt
S.B. 22° 52′ 36″
O.L. 14° 32′ 12″;

(9) Robbekolonie en voëlplatvorms by Kaapkruis, S.W.A. —
'n Strook 1 seemyl seewaarts, 3 seemyl na die binneland en 9 seemyl lank suid van 'n punt —
S.B. 21° 46′
O.L. 13° 58′"; en

(d) deur paragraaf G.3. te skrap.

17. Byvoegsel H word gewysig deur in die Afrikaanse teks van paragraaf H.7. (2) die syfers „2084" deur die syfers „2048" te vervang.

18. Byvoegsel I word gewysig deur —

(a) na die woord „BYVOEGSEL" in die opskrif van die Afrikaanse teks die letter „I" in te voeg; en

(b) deur die opskrif van die Afrikaanse teks van paragraaf I.1.2. deur die opskrif „VLIEGTUIE MET TWEE VLIEËRS EN EEN EKSTRA LID VAN DIE VLIEGPERSONEEL" te vervang.

19. Byvoegsel K word gewysig deur —

(a) die items —

	R c
„Inskrywingsgeld vir eksamens vir private vlieërs- en glyvlieërslisensies	1–00
Tegniese eksamen vir vlieër of boord-ingenieur	1–00
Inskrywingsgeld vir ander vliegpersoneellisensies	2–00
Inskrywingsgeld vir lisensie van vliegtuigonderhoudsingenieur (per vak)	1–00
Gelde vir hersiening van eksamenskrif	0–50
Gelde vir hersiening van puntetoekenning vir eksamenskrif .	2–00"

deur die volgende items te vervang:—

„Eksamengeld vir alle boordbemanning eksamens behalwe boordnavigator en 'n private vlieër (per vraestel) . . .	1–00
Eksamengeld vir vliegtuigonderhoudsingenieurseksamen (per vraestel)	1–00
Eksamengeld vir boordnavigatoreksamen (per vraestel) . .	3–00
Eksamengeld vir volledige boordnavigatoreksamen . .	30–00
Gelde vir herbepunting van eksamenskrif (per vraestel) .	2–00";

contained in the said paragraph (1) come into force.

16. Appendix G is amended —

(a) by the deletion of paragraph G.1. (3);

(b) by the substitution in the Afrikaans text of paragraph G.2. (4) for the expression "O.L. 18° 37′ 43″" of the expression "O.L. 18° 47′ 43″";

(c) by the addition of the following subparagraphs to paragraph G.2. —

"(7) Seal Colony at Wolf's Bay —
Situated near Luderitz, S.W.A. —
Circle 2 nautical miles radius
Centre
Lat. 26° 49′ 18″ S
Long. 15° 07′ 30″ E;

(8) Bird Island at Walvis Bay —
Circle 1 nautical mile radius
Centre
Lat. 22° 52′ 36″ S
Long. 14° 32′ 12″ E;

(9) Seal Colony and bird platforms at Cape Cross, S.W.A. —
A strip 1 nautical mile seaward, 3 nautical miles inland and 9 nautical miles long south of a point —
Lat. 21° 46′ S
Long. 13° 58′ E"; and

(d) by the deletion of paragraph G.3.

17. Appendix H is amended by the substitution in the Afrikaans text of paragraph H.7. (2) for the figures "2084" of the figures "2048".

18. Appendix I is amended by—

(a) the insertion after the word "BYVOEGSEL" in the heading of the Afrikaans text of the letter "I"; and

(b) by the substitution for the heading to the Afrikaans text of paragraph I.1.2. of the heading "VLIEGTUIE MET TWEE VLIEËRS EN EEN EKSTRA LID VAN DIE VLIEGPERSONEEL.".

19. Appendix K is amended by —

(a) the substitution for the item —

	R c
"Entrance fee for private pilot and glider pilot licence examination	1–00
Technical examination for pilot or flight engineer	1–00
Entrance fee for other flight crew member licences . . .	2–00
Entrance fee for aircraft maintenance engineer licence (per subject)	1–00
Fee for review of examination script	0–50
Fee for re-marking of examination script	2–00"

of the items —

"Examination fee for all flight crew members examinations, excluding flight navigator and any private pilot (per paper) . .	1–00
Examination fee for aircraft maintenance engineer examination (per paper)	1–00
Examination fee for flight navigator examination (per paper)	3–00
Examination fee for complete flight navigator examination .	30–00
Fee for re-marking of examination script (per paper) . . .	2–00";

and

(b) deur die volgende woorde aan die einde te skrap „Enigeen wat voldoen aan die vereistes van regulasie B.1.1.16 (1) (a), (b) en (c) van Byvoegsel B.1., word toegelaat om in die hoedanigheid van 'n boordingenieur op te tree;".

20. Byvoegsel L.4. word gewysig deur in die Afrikaanse teks van paragraaf L.4.2. (4) die syfers „2,400" deur die syfers „4,200" te vervang.

21. Byvoegsel M word gewyisg deur in die Engelse teks van paragraaf M.1. (1) die syfers „17,600" deur die syfers „17,000" te vervang.

* By Goewermentskennisgewing Nos. R. 1883 van 6 Desember 1963, R. 614 van 24 April 1964, R. 1332 van 3 September 1965, R.794 van 20 Mei 1966 en R. 1377 van 9 September 1966.

(b) by the deletion at the end of the words "Any person meeting the requirements of regulation B.1.16. (1) (a), (b) and (c) of Appendix B.1 shall be permited to act in the capacity of a flight engineer;".

20. Appendix L.4 is amended by the substitution in the Afrikaans text of paragraph L.4.2. (4) for the figures "2,400" of the figures "4,200".

21. Appendix M is amended by the substitution in the text of paragraph M. 1. (1) for the figures "17,600" of the figures "17,000".

* By Government Notice Nos. R. 1883 of 6th December, 1963, R. 614 of 24th April, 1964, R. 1332 of 3rd September, 1965, R. 794 of 20th May, 1966, and R. 1377 of 9th September, 1966.

No. R. 1656 (Republiek).] [21 Oktober 1966

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 26 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), soos gewysig, onderstaande regulasie te maak:—

Die Staatsdiensregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2047 van 11 Desember 1959, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die vervanging van regulasie B2 deur die volgende nuwe regulasie:—

„Kwalifikasies van manspersone vir aanstelling as administratiewe assistente.

B2.1 Geen manspersoon word as 'n administratiewe assistent in die klerklike afdeling aangestel as hy nie in die matrikulasie-eksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad of in 'n eksamen wat, na die mening van die Kommissie, van 'n standaard wat gelykwaardig aan of hoër is as gemelde matrikulasie-eksamen, geslaag het nie: Met dien verstande dat hierdie vereiste nie van toepassing is nie op 'n manspersoon wat as 'n administratiewe assistent in die Departement van Pos- en Telegraafwese aangestel word, welke manspersoon in minstens die junior sertifikaateksamen of 'n eksamen wat, na die mening van die Poskantoorpersoneelraad, van 'n standaard wat gelykwaardig aan of hoër is as gemelde junior sertifikaateksamen, moes geslaag het.

B2.2 Die bepalings van regulasie B2.1 is nie van toepassing nie waar 'n manspersoon na 'n pos van administratiewe assistent in die klerklike afdeling oorgeplaas word nadat hy spesiale aanleg aan die dag gelê het en kwalifikasies besit wat hom vir sodanige pos in die klerklike afdeling geskik maak."

(Wysiging No. 43.)

No. R. 1656 (Republic).] [21 October 1966

The State President has, by virtue of the powers vested in him by section 26 of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), as amended, been pleased to make the following regulation:—

The Public Service Regulations, published under Government Notice No. 2047, dated 11th December, 1959, as amended, are hereby further amended by the substitution for regulation B2 of the following new regulation:—

"Qualifications of Male Persons for Appointment as Administrative Assistants.

B2.1 No male person shall be appointed an administrative assistant in the clerical division if he has not passed the matriculation examination of the Joint Matriculation Board or an examination which, in the opinion of the Commission, is of a standard equivalent to, or higher than the said matriculation examination: Provided that this requirement shall not apply to a male person who is appointed an administrative assistant in the Department of Posts and Telegraphs, which male person must have passed at least the junior certificate examination or an examination which, in the opinion of the Post Office Staff Board, is of a standard equivalent to, or higher than the said junior certificate examination.

B2.2 The provisions of regulation B2.1 shall not apply where a male person is transferred to a post of administrative assistant in the clerical division after having displayed special aptitude and possessing qualifications which render him suitable for such post."

(Amendment No. 43.)

No. 1664 (Republiek).] [28 Oktober 1966

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL *TIEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) van artikel *nege* van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persoon verbied is om byeenkomste by te woon:—

No. 1664 (Republic).] [2 October 1966

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT NO. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of a notice issued in terms of sub-section (1) of section *nine* of the said Act whereby the undermentioned person was prohibited from attending gatherings:—

Name Naam	Address mentioned in Notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which Notice was Delivered Datum waarop kennisgewing oorhandig is	Date on which Notice Expires Datum waarop kennisgewing verstryk
Gogela, Maroti Riseholme alias Goqela	Mfula-lokasie/*Location*, Tsomo . . .	12/9/66	31/8/68

No. 1678 (Republiek).] [28 Oktober 1966

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL *TIEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge subartikel (1) van artikel *nege* van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon:—

No. 1678 (Republic).] [28 October 1966

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT NO. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of sub-section (1) of section *nine* of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings:—

Name Naam	Address mentioned in Notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which Notice was Delivered Datum waarop kennisgewing oorhandig is	Date on which Notice Expires Datum waarop kennisgewing verstryk
Mbenya, Reginald Mzimase	Lower Tongwana-lokasie/*Location*, Butterworth	13/9/66	31/8/71
Ncamane, Diniwe Desmond	Ntshamate-lokasie/*Location*, Bizana	16/9/66	31/8/71
Nkonyeni, Discipline Magwazandile .	Qora-lokasie/*Location*, Idutywa	13/9/66	31/8/71

No. 1682 (Republiek).] [28 Oktober 1966

INTREKKING VAN KENNISGEWINGS WAARDEUR SEKERE PERSONE VERBIED WAS OM BYEENKOMSTE BY TE WOON.

Vir algemene inligting word hierby bekendgemaak dat die Minister van Justisie ingevolge artikel 9 (4) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), die kennisgewings waarby ondergenoemde persone verbied was om byeenkomste ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet by te woon, met ingang van die datums hieronder aangedui, ingetrek het.

No. 1682 (Republic).] [28 October 1966

WITHDRAWAL OF NOTICES WHEREBY CERTAIN PERSONS WERE PROHIBITED FROM ATTENDING GATHERINGS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Justice has, in terms of section 9 (4) of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), withdrawn the notices whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings in terms of section 9 (1) of the said Act, with effect from the dates indicated hereunder.

Naam. Name.	Adres in kennisgewing vermeld. Address mentioned in Notice.	Datum waarop kennisgewing ingetrek is. Date on which Notice was withdrawn.
Beard, Terrence Vigors Rait	4 Constitution-straat/*Street*, Grahamstad/*Grahamstown*	24/8/66
Bromberger, Norman	18 Prince Alfredstraat/*Street*, Grahamstad/*Grahamstown*	24/8/66
Faya, Prince Michael	38 Rapsonweg/*Road*, Stamfordheuwel/*Hill*, Durban	25/8/66
Francis, Michael John David	6 Dinglewoodhof/*Court*, Rosmeadlaan/*Avenue*, Kenilworth, Kaapstad/*Cape Town*	21/9/66
Gcabashe, Thulani Walter	646 Veertiende Laan/*Fourteenth Avenue*, Clermont, distrik/*District of* Pinetown	6/9/66
Mazibuko, David Magwaza	1665B Zola-Noord/*North*, Johannesburg	2/9/66
Mngadi, Elliot Thamsanqa	Roosboom-lokasie/*Location*, Ladysmith	26/8/66
Molepo, Rahab Gift	11389 Sothostraat/*Street*, Daveyton Bantoedorp/*Bantu Township*, Benoni	6/9/66
Msimang, Henry Selby	Buchananstraat/*Street*, Edendale, Pietermaritzburg	6/9/66
Mtsweni, Magdelina	1338 Molekostraat/*Street*, Brakpan Bantoedorp/*Bantu ownship*, Brakpan	29/8/66
Myende, Bernard	F. 697, Kwa Mashu, Durban	25/8/66
Ndlovu, Themba Michael	Rookdale No. 8855, distrik/*District of* Bergville	27/8/66
Poloto, Solomon Samuel Morutane .	1179 Mapetla Bantoedorp/*Bantu Township*, Johannesburg	25/8/66
Sibisi, Emah	G. 171, Kwa Mashu, Durban	25/8/66
Thusi, Ntombiyakaise Caroline . . .	2907 Mhlongoweg/*Road*, Lamontville, Durban	25/8/66
Xaba, Paulina Malebaka	1760B, Zola-Noord/*North*, Johannesburg	25/8/66

No. 1686 (Republiek).] [28 Oktober 1966

REGULASIES BETREFFENDE DIE INVOER, VERKOOP EN GEBRUIK VAN OPIUM EN ANDER GEWOONTEVORMENDE MEDISYNE.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikel 72 (f) *quat* en (h) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, gelees met artikel 94 van genoemde Wet, en na oorlegpleging met die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad en die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie, die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1303 van 27 Augustus 1937, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 564 en 1985 van onderskeidelik 1946 en 1960, gewysig deur die invoeging van die volgende regulasie na regulasie 7 (2):—

„Verkryging van Petidien of preparate of mengsels daarvan deur Geregistreerde Vroedvroue.

7 *bis* (1) Elkeen wat as 'n vroedvrou ingevolge die Wet op Verpleging, 1957 (Wet No. 69 van 1957), geregistreer is en wat verlang om 'n voorraad van 'n samestelling van petidien-hidrochloried 50 mg/ml met levallorfantartraat 0.625 mg/ml te verkry (hieronder genoem „die medisyne") vir toediening aan 'n verloskundige geval in 'n noodgeval, moet skriftelik om 'n permit daarvoor aansoek doen by die Streeksdirekteur, Staatsgesondheidsdienste, van die betrokke streek en die volgende meld:—

(a) die presiese aard en hoeveelheid van die medisyne wat nodig is; en

(b) die naam en adres van die apteker van wie dit die voorneme is om die medisyne te verkry.

No. 1686 (Republic).] [28 October 1966

REGULATIONS REGARDING THE IMPORTATION, SALE AND USE OF OPIUM AND OTHER HABIT-FORMING DRUGS.

The Minister of Health, in the exercise of the powers conferred upon him by section 72 (f) *quat* and (h) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended, read with section 94 of the said Act, and after consultation with the South African Medical and Dental Council and the South African Pharmacy Board, has amended the regulations published under Government Notice No. 1303, dated 27th August, 1937, as amended, by Government Notices Nos. 564 and 1985 of 1946 and 1960, respectively, by the insertion after regulation 7 (2) of the following regulation:—

"Obtaining of Pethidine or Preparations or Admixtures thereof by Registered Midwives.

7 *bis* (1) Every person registered as a midwife in terms of the Nursing Act, 1957 (Act No. 69 of 1957), who wishes to obtain a supply of a combination of pethidine hydrochloride 50 mg/ml with levallorphan tartrate 0.625 mg/ml (hereinafter referred to as "the drug") for administration to a midwifery case in an emergency, shall apply, in writing, to the Regional Director, State Health Services, of the area concerned for a permit therefor, stating:—

(a) the exact nature and quantity of the drug required; and

(b) the name and address of the chemist and druggist from whom it is proposed to obtain the drug.

(2) Die Streeksdirekteur, Staatsgesondheidsdienste, van die betrokke streek kan by ontvangs van sodanige aansoek en nadat hy sodanige navrae gedoen het as wat hy nodig ag, na goeddunke 'n permit uitreik wat die applikant (vroedvrou) magtig om tydens die geldigheidsduur van die permit, so dikwels as wat nodig is, hoogstens 600 mg op 'n keer van die medisyne aan te koop of te verkry, uitgesonderd in spesiale gevalle waar die Streeksdirekteur, Staatsgesondheidsdienste, van die betrokke streek die verskaffing van 'n groter hoeveelheid kan magtig.

(3) Alle permitte in paragraaf (2) hierbo beskryf, word behoudens die volgende voorwaardes uitgereik:—

(a) Die permit moet in die vorm wees soos in Aanhangsel D hiervan uiteengesit.

(b) By voorlegging van die permit moet die apteker wat die medisyne verskaf, benewens die aanteken van besonderhede in sy register van gewoontevormende medisyne, die datum van verskaffing, die aard, sterkte en die hoeveelheid medisyne verskaf en sy handtekening in die betrokke ruimte op die permit verstrek.

(c) Die permit bly van krag vir 'n tydperk van ses maande na die datum van uitreiking daarvan tensy dit gekanselleer of ingetrek word soos bepaal in paragraaf (d) hiervan.

(d) Die Streeksdirekteur, Staatsgesondheidsdienste, van die betrokke streek kan enige permit te eniger tyd kanselleer of intrek en sodra die houer van sodanige permit van sodanige kansellering of intrekking in kennis gestel is, moet sy sodanige permit onverwyld tesame met enige hoeveelheid van die medisyne wat sy nog in haar besit het aan die Streeksdirekteur, Staatsgesondheidsdienste, terugbesorg vir beskikking soos deur hom beveel.

(e) Die houer van 'n permit moet dit op versoek van enige persoon skriftelik daartoe gemagtig deur die Sekretaris van Gesondheid vir inspeksie toon, tesame met enige hoeveelheid van die medisyne wat sy in haar besit het.

(4) Die medisyne wat kragtens 'n permit aangekoop of verkry is, moet deur die vroedvrou agter slot gehou word en sy mag nooit meer as 'n totale hoeveelheid van 1,200 mg van die medisyne gespesifiseer in die permit in haar besit hê nie.

(5) (a) Die houer van 'n permit kan die medisyne slegs in noodgevalle aan 'n verloskundige geval toedien en wanneer 'n geneesheer nie beskikbaar is nie of terwyl daar op die aankoms van 'n geneesheer gewag word.

(b) Die houer van 'n permit mag nie meer as honderd milligram van die medisyne aan 'n verloskundige geval toedien nie.

(c) Die toediening van die medisyne kan slegs een keer herhaal word en dan slegs na verloop van minstens vier uur en slegs as 'n geneesheer nog steeds nie beskikbaar is nie.

(6) Die houer van 'n permit moet na die toediening van die medisyne die besonderhede van sodanige toediening in die betrokke ruimte op die keersy van die permit aanteken.

(7) As die medisyne aan 'n verloskundige geval toegedien is op gesag van 'n geneesheer, moet sy handtekening in die betrokke ruimte op die keersy van die permit verskyn.

(8) 'n Aansoek om die hernuwing van 'n permit moet die Streeksdirekteur, Staatsgesondheidsdienste, van die betrokke streek minstens veertien dae voor die verstryking van sodanige permit bereik en moet van sodanige permit vergesel gaan waarop die hoeveelheid medisyne in besit van die houer ten tye van die aansoek om hernuwing aangeteken is".

(2) The Regional Director, State Health Services, of the area concerned may, upon receipt of such application and after making such enquiries as he may deem necessary, issue at his discretion a permit authorising the (midwife) applicant to purchase or obtain as frequently as may be necessary during the period of validity of the permit, not more than 600 mg of the drug at any one time, except in special cases when the Regional Director, State Health Services of the area concerned may authorise the supply of a larger quantity.

(3) All permits described in paragraph (2) above shall be issued subject to the following conditions:—

(a) The permit shall be in the form as set out in Annexure D hereof.

(b) The chemist and druggist supplying the drugs shall upon production of a permit, in addition to entering the particulars in his register of habit-forming drugs, enter in the space provided on the permit, the date of supply, the nature strength and quantity of drugs supplied and his signature.

(c) The permit shall be of force and effect for a period of six months from the date of issue thereof unless cancelled or withdrawn as provided in paragraph (d) hereof.

(d) The Regional Director, State Health Services, of the area concerned may cancel or withdraw any permit at any time and on being notified of such cancellation or withdrawal, the holder thereof shall forthwith return such permit, together with any quantity of the drugs still in her possession, to the Regional Director State Health Services, for disposal as directed by him.

(e) On the request of any person authorised thereto in writing, by the Secretary for Health, the holder of a permit shall produce the same for inspection, together with any quantity of the drug in her possession.

(4) The drugs purchased or obtained by virtue of a permit shall be kept under lock and key by the midwife who shall at no time have in her possession more than a total quantity of 1,200 mg of the drug specified in such permit.

(5) (a) The holder of a permit may administer the drug to a midwifery case in emergencies only, and when a medical practitioner is not available or pending the arrival of a medical practitioner.

(b) The holder of a permit shall not administer to a midwifery case more than one-hundred milligrams of the drug.

(c) The administration of the drug may be repeated once only and then only after the lapse of at least four hours and only if a medical practitioner is still not available.

(6) The holder of a permit shall, after the administration of the drug, enter the particulars of such administration in the space provided on the reverse side of the permit.

(7) If the drug is administered to a midwifery case on the authority of a medical practitioner, his signature shall appear in the space provided therefor on the reverse side of the permit.

(8) An application for the renewal of a permit shall reach the Regional Director, State Health Services, of the area concerned at least fourteen days before the expiration of such permit and shall be accompanied by such permit on which shall be entered the quantity of drugs in possession of the holder at the time of the application for renewal."

253 (Gesondheid).

AANHANGSEL D.

Gewoontevormende Medisyne-permitno. .....
Uitgereik kragtens Goewermentskennisgewingno. .....
Datum .....

Hierby word toestemming verleen aan .....
....., van .....

'n vroedvrou geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op Verpleging, 1957 (Wet No. 69 van 1957), om ondergenoemde gewoontevormende medisyne te koop of te verkry, so dikwels as wat nodig is, van .....,
te ....., om in verloskundige noodgevalle toe te dien.

Hierdie permit verval op .....

.....
Streeksdirekteur, Staatsgesondheidsdienste.

Amptelike datumstempel.

HOEVEELHEID GEWOONTEVORMENDE MEDISYNE IN BESIT VAN VROEDVROU OP DATUM VAN AANSOEK OM HIERDIE PERMIT.

(Moet deur die beampte wat die permit uitreik, ingevul word.)

Datum.	Medisyne.	Sterkte.	Hoeveelheid.

OPMERKING — Die vroedvrou mag nooit meer as 1,200 mg. van die medisyne in bogenoemde Goewermentskennisgewing genoem, in haar besit hê nie.

BESONDERHEDE WAT DEUR DIE APTEKER WAT DIE GEWOONTEVORMENDE MEDISYNE VERSKAF, VERSTREK MOET WORD.

Datum.	Beskrywing van gewoontevormende medisyne	Sterkte.	Hoeveelheid.	Handtekening.

VERSLAG VAN TOEDIENING VAN GEWOONTEVORMENDE MEDISYNE.

Datum.	Tydstip.	Aan wie toegedien (naam en adres).	Medisyne: Naam, sterkte, en hoeveelheid.	Rede waarom vroedvroue die medisyne toegedien het, of geneesheer se handtekening [subregulasie (7)].

Besonderhede wat deur die vroedvrou by aansoek om hernuwing van hierdie permit verstrek moet word:—
Naam, sterkte en hoeveelheid van medisyne voorhande op datum van aansoek om hernuwing .....

.....
Handtekening van applikant.

Datum .....

253 (Health).

ANNEXURE D.

Habit-forming Drug Permit No. .....
Issued in terms of Government Notice No. .....
Date .....

Permission is hereby granted to .....
....., of .....,
a midwife registered in terms of the provisions of the Nursing Act, 1957 (Act No. 69 of 1957), to purchase or obtain, as often as may be necessary, from .....
at ..... the undermentioned habit-forming drug for the purposes of administration in emergency midwifery case .....

This permit will expire on .....

.....
Regional Director, State Health Services.

Official Date Stamp.

QUANTITY OF HABIT-FORMING DRUGS IN POSSESSION OF MIDWIFE ON DATE OF APPLICATION FOR THIS PERMIT.

(To be completed by the officer issuing the permit.)

Date.	Drug.	Strength.	Quantity.

NOTE — A midwife shall at no time have in her possession more than 1,200 mg. of the drug referred to in the abovementioned Government Notice.

PARTICULARS TO BE FURNISHED BY CHEMIST AND DRUGGIST SUPPLYING THE HABIT-FORMING DRUGS.

Date.	Description of Habit-forming Drugs.	Strength.	Quantity.	Signature.

RECORD OF ADMINISTRATION OF HABIT-FORMING DRUGS.

Date.	Hour.	To whom administered (Name and Address).	Drug: Name, Strength and Quantity.	Reason why Midwife administered Drug or Medical Practitioner's Signature [Subregulation (7)].

Particulars to be furnished by the midwife on application for renewal of this permit:—
Name, strength and quantity of drugs on hand on date of application for renewal .....

.....

Date .....
Applicant's Signature.

No. 1738 (Republiek).] [4 November 1966

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL *TIEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET NO. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge subartikel (1) van artikel *nege* van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon:—

No. 1738 (Republic).] [4 November 1966

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT NO. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of sub-section (1) of section *nine* of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings:—

Name Naam	Address mentioned in Notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which Notice was Delivered Datum waarop kennisgewing oorhandig is	Date on which Notice Expires Datum waarop kennisgewing verstryk
Toboti, Waters	Macibe-lokasie/*Location*, Kentani . .	28/9/66	31/8/68

No. 1739 (Republiek).] [4 November 1966

INTREKKING VAN KENNISGEWINGS WAARDEUR SEKERE PERSONE VERBIED WAS OM BYEENKOMSTE BY TE WOON.

Vir algemene inligting word hierby bekendgemaak dat die Minister van Justisie ingevolge artikel 9 (4) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), die kennisgewings waarby ondergenoemde persone verbied was om byeenkomste ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet by te woon, met ingang van die datums hieronder aangedui, ingetrek het.

No. 1739 (Republic).] [4 November 1966

WITHDRAWAL OF NOTICES WHEREBY CERTAIN PERSONS WERE PROHIBITED FROM ATTENDING GATHERINGS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Justice has, in terms of section 9 (4) of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), withdrawn the notices whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings in terms of section 9 (1) of the said Act, with effect from the dates indicated hereunder.

Naam. Name.	Adres in kennisgewing vermeld. Address mentioned in Notice.	Datum waarop kennisgewing ingetrek is. Date on which Notice was withdrawn.
Seheri, Thekiso John	918B Emdeni-lokasie/*Location*, Johannesburg	27/9/66

No. R. 1752 (Republiek).] [4 November 1966

WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE STAANDE MAG.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 87 (1) (s) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), soos gewysig, die Regulasies vir die Staande Mag afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 171, gedateer 26 Januarie 1923, soos gewysig, soos volg te wysig:—

HOOFSTUK VII.

Regulasie 9.

Skrap die bestaande regulasie 9 en voeg die volgende nuwe regulasie 9 in:—

„9. Na afloop van elke kursus, tensy die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier vir dié doel deur hom aangewys, anders beslis, moet lede eksamen doen in die vakke wat die leerplan van die kursus uitmaak en moet die name van die lede wat geslaag het, in eenheidsorders verskyn.".

Wysigingsblaadjie No. 336.]

No. R. 1752 (Republic).] [4 November 1966

AMENDMENT TO THE REGULATIONS FOR THE PERMANENT FORCE.

The State President has been pleased, in terms of section 87 (1) (s) of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), as amended, to amend the Regulations for the Permanent Force, promulgated by Government Notice No. 171, dated 26th January, 1923, as amended, as follows:—

CHAPTER VII.

Regulation 9.

Delete the existing regulation 9 and insert the following new regulation 9:—

"9. At the conclusion of each course, unless the Commandant General, SADF, or an officer designated by him for that purpose, otherwise determines, members shall be examined in the subjects forming the syllabus of the course and the names of successful candidates shall be notified in Unit Orders.".

Amendment Slip No. 336.]

No. R. 1774 (Republiek).] [4 November 1966

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 4 (NO. 4/24).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 4 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
460.06	Deur na item 460.05 die volgende in te voeg: „460.06	
	(I) Goedere van enige beskrywing, vir gebruik deur die houer van 'n prospekteerhuur vir aardolie, toegeken ingevolge die Wet op Aardolie (No. 46 van 1942), in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Handel en Nywerheid by bepaalde permit toelaat	Volle reg"

OPMERKING — Voorsiening word gemaak vir 'n korting van die volle reg op goedere van enige beskrywing, vir gebruik deur die houer van 'n prospekteerhuur vir aardolie, toegeken ingevolge die Wet op Aardolie (No. 46 van 1942), in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Handel en Nywerheid by bepaalde permit toelaat.

No. R. 1774 (Republic).] [4 November 1966

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 4 (NO. 4/24).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 4 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
460.06	By the insertion after item 460.05 of the following: "460.06	
	(I) Goods of any description, for use by the holder of a prospecting lease for natural oil, granted in accordance with the Natural Oil Act (No. 46 of 1942), in such quantities and at such times as the Secretary for Commerce and Industries may allow by specific permit	Full duty"

NOTE — Provision is made for a rebate of the full duty on goods of any description, for use by the holder of a prospecting lease for natural oil, granted in accordance with the Natural Oil Act (No. 46 of 1942), in such quantities and at such times as the Secretary for Commerce and Industries may allow by specific permit.

No. R. 1785 (Republiek).] [11 November 1966

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/67).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg: Algemeen	IV Skaal van Reg: M.B.N.	V Skaal van Reg: Voorkeur
20.05 Deur tariefpos No. 20.05 deur volgende te vervang: „20.05 **Konfyte, vrugtejellies, marmelades, vrugtepuree en vrugtepastas, naamlik gekookte bereidinge, hetsy met bygevoegde suiker al dan nie:**				
20.05.10 Konfyte, vrugtejellies en marmelades	lb.	30% of 205c per 100 lb.		
20.05.90 Ander	lb.	30% of 205c per 100 lb."		

OPMERKING — Aparte voorsiening, vir statistiese doeleindes, word gemaak vir genoemde goedere.

No. R. 1785 (Republic).] [11 November 1966

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/67).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III Rate of Duty: General	IV Rate of Duty: M.F.N.	V Rate of Duty: Preferential
20.05 By the substitution for tariff heading No. 20.05 of the following: "20.05 **Jams, fruit jellies, marmalades fruit pureé and fruit pastes, being cooked preparations, whether or not containing added sugar:**				
20.05.10 Jams, fruit jellies and marmalades	lb.	30% or 205c per 100 lb.		
20.05.90 Other	lb.	30% or 205c per 100 lb."		

NOTE — Separate provision, for statistical purposes, is made for the goods mentioned.

No. R. 1786 (Republiek).] [11 November 1966

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/68).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III	IV	V
Tariefpos	Statistiese Eenheid	Skaal van Reg: Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
39.02 Deur subpos No. 39.02.10 deur die volgende te vervang:				
„39.02.10 Etileenpolimere en -kopolimere:				
.10 Vloeistof of pasta, met 'n soortlike gewig van hoogstens 0.940	lb.	20%		
.15 Ander vloeistof of pasta	lb.	vry		
.20 Blokke, stukke, poeiers en dergelike massavorms, met 'n soortlike gewig van hoogstens 0.940	lb.	20%		
.25 Ander blokke, stukke, poeiers en dergelike massavorms	lb.	vry		
.30 Monofil	lb.	20%		
.40 Buise, stawe, stokke en profielvorms	lb.	20%		
.50 Plate, velle, reep, film en foelie	lb.	20%		
.90 Oorskiet en afval	lb.	20%"		

OPMERKING — Die reg op sekere etileenpolimere en -kopolimere word verhoog van vry na 20%.

No. R. 1786 (Republic).] [11 November 1966

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/68).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III	IV	V
Tariff Heading	Statistical Unit	Rate of Duty: General	M.F.N.	Preferential
39.02 By the substitution for subheading No. 39.02.10 of the following:				
"39.02.10 Ethelene polymers and copolymers:				
.10 Liquid or pasty, of a specific gravity not exceeding 0.940	lb.	20%		
.15 Other liquid or pasty	lb.	free		
.20 Blocks, lumps, powders and similar bulk forms, of a specific gravity not exceeding 0.940	lb.	20%		
.25 Other blocks, lumps, powders and similar bulk forms	lb.	free		
.30 Monofil	lb.	20%		
.40 Tubes, rods, sticks and profile shapes	lb.	20%		
.50 Plates, sheets, strip, film and foil	lb.	20%		
.90 Waste and scrap	lb.	20%"		

NOTE — The duty on certain ethelene polymers and copolymers is increased from free to 20%.

No. R. 1787 (Republiek).] [11 November 1966

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/69).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

No. R. 1787 (Republic).] [11 November 1966

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/69).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

BYLAE.

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg Algemeen	IV M.B.N.	V Voorkeur
55.05 Deur subpos No. 55.05.80.10 deur die volgende te vervang:				
„.10 In eenhede van meer as 300 jaarts elk	lb.	25% of 3½c per 1000 jt."		
55.06 Deur tariefpos No. 55.06 deur die volgende te vervang:				
„55.06 **Katoengaring, vir kleinhandelverkoop bemark:**				
55.06.10 Bereide naaigaring in eenhede van meer as 300 jaarts elk	lb.	25% of 3½c per 1000 jt.		
55.06.90 Ander	lb.	10%	5%"	

OPMERKING — Die reg op bereide naaigaring van katoen, verpak in eenhede van meer as 300 jaarts elk, vir kleinhandelverkoop bemark al dan nie, word na 25% of 3½c per 1000 jaarts verhoog.

SCHEDULE.

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III Rate of Duty General	IV M.F.N.	V Preferential
55.05 By the substitution for subheading No. 55.05.80.10 of the following:				
".10 In units exceeding 300 yards each	lb.	25% or 3½c per 1000 yd."		
55.06 By the substitution for tariff heading No. 55.06 of the following:				
"55.06 **Cotton yarn, put up for retail sale:**				
55.06.10 Prepared sewing yarn in units exceeding 300 yards each	lb.	25% or 3½c per 1000 yd.		
55.06.90 Other	lb.	10%	5%"	

NOTE — The duty on prepared sewing yarn of cotton in units exceeding 300 yards each, whether or not put up for retail sale, is increased to 25% or 3½c per 1000 yards.

No. R. 1788 (Republiek).] [11 November 1966

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/70).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

No. R. 1788 (Republic).] [11 November 1966

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/70).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

BYLAE.

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg Algemeen	IV M.B.N.	V Voorkeur
73.32 Deur subpos No. 73.32.50 deur die volgende te vervang:				
„73.32.50 Masjienskroewe:				
.10 Sokskroewe	lb.	3%		
.20 Ander, ten volle gegroef met koppe aangepas vir vasdraai met 'n sleutel	lb.	20% of 2c per lb.		
.90 Ander	lb.	20% of 5c per lb."		
74.15 Deur subpos No. 74.15.40 deur die volgende te vervang:				
„74.15.30 Masjienskroewe	lb.	20% of 5c per lb.		
74.15.40 Klemskroewe	lb.	3%"		

OPMERKING — Die reg op sekere masjienskroewe van yster of staal en van koper word van 3% na 20% of 5c per lb. verhoog.

SCHEDULE.

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III Rate of Duty General	IV M.F.N.	V Preferential
73.32 By the substitution for subheading No. 73.32.50 of the following:				
"73.32.50 Machine screws:				
.10 Socket screws	lb.	3%		
.20 Other, fully threaded with heads adapted for tightening with a spanner	lb.	20% or 2c per lb.		
.90 Other	lb.	20% or 5c per lb."		
74.15 By the substitution for subheading No. 74.15.40 of the following:				
"74.15.30 Machine screws	lb.	20% or 5c per lb.		
74.15.40 Set screws	lb.	3%"		

NOTE — The duty on certain machine screws of iron or steel and of copper is increased from 3% to 20% or 5c per lb.

No. R. 1790 (Republiek).] [11 November 1966

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/72).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
307.01	Deur na paragraaf (3) van tariefpos No. 39.02 die volgende in te voeg:	
	„(4) Etileenpolimere en -kopolimere met 'n soortlike gewig van hoogstens 0.940, vloeistof of pasta en in blokke, stukke, poeiers en dergelike massavorms, vir die vervaardiging van pype	Volle reg"
307.03	Deur paragraaf (1) van tariefpos No. 39.02 deur die volgende te vervang:	
	„(1) Kunsplastiekpolimeer of -kopolimeer vormpoeiers (uitgesonderd stireenpolimere en -kopolimere, etileenpolimere en -kopolimere en polivinielchloried)	Volle reg"
	Deur na paragraaf (2) van tariefpos No. 39.02 die volgende in te voeg:	
	„(3) Etileenpolimere en -kopolimere met 'n soortlike gewig van hoogstens 0.940, vloeistof of pasta en in blokke, stukke, poeiers en dergelike massavorms, vir die vervaardiging van gevormde plastiekgoedere (uitgesonderd goedere vervaardig volgens die inspuitvormingproses)	Volle reg"
310.02	Deur na tariefpos No. 29.01 die volgende in te voeg:	
	„39.02 Etileenpolimere en -kopolimere met 'n soortlike gewig van hoogstens 0.940, vloeistof of pasta en in blokke, stukke, poeiers en dergelike massavorms, vir ekstrusiebestryking van papier en papierbord:	Volle reg"
311.06	Deur na tariefpos No. 38.12 die volgende in te voeg:	
	„39.02 Etileenpolimere en -kopolimere met 'n soortlike gewig van hoogstens 0.940, vloeistof of pasta en in blokke, stukke, poeiers en dergelike massavorms, vir die lamellering van tekstielstowwe	Volle reg"
321.01	Deur na tariefpos No. 32.08 die volgende in te voeg: „39.02	

No. R. 1790 (Republic).] [11 November 1966

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/72).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
307.01	By the insertion after paragraph (3) of tariff heading No. 39.02 of the following:	
	"(4) Ethelene polymers and copolymers with a specific gravity not exceeding 0.940, liquid or pasty and in blocks, lumps, powders and similar bulk forms, for the manufacture of pipes	Full duty"
307.03	By the substitution for paragraph (1) of tariff heading No. 39.02 of the following:	
	"(1) Artificial plastic polymer or copolymer moulding powders (excluding styrene polymers and copolymers, ethelene polymers and copolymers and polyvinyl chloride)	Full duty"
	By the insertion after paragraph (2) of tariff heading No. 39.02 of the following:	
	"(3) Ethelene polymers and copolymers with a specific gravity not exceeding 0.940, liquid or pasty and in blocks, lumps, powders and similar bulk forms, for the manufacture of moulded plastic goods (excluding goods manufactured according to the injection moulding process)	Full duty"
310.02	By the insertion after tariff heading No. 29.01 of the following:	
	"39.02 Ethelene polymers and copolymers with a specific gravity not exceeding 0.940, liquid or pasty and in blocks, lumps, powders and similar bulk forms, for extrusion coating of paper and paperboard	Full duty"
311.06	By the insertion after tariff heading No. 38.12 of the following:	
	"39.02 Ethelene polymers and copolymers with a specific gravity not exceeding 0.940, liquid or pasty and in blocks, lumps, powders and similar bulk forms, for the lamination of textile fabrics	Full duty"
321.01	By the insertion after tariff heading No. 32.08 of the following: "39.02	

Etileenpolimere en -kopolimere met 'n soortlike gewig van hoogstens 0.940, in blokke, stukke, poeiers en dergelike massavorms, vir die bestryking van gefabriseerde artikels volgens die poeierbestrykingsproses	Volle reg"

OPMERKING — Die bestaande kortingvoorsiening op etileenpolimeer en -kopolimeer vormpoeiers, vir die vervaardiging van gevormde plastiekgoedere, word ingetrek en voorsiening word gemaak vir 'n korting van die volle reg op etileenpolimere en -kopolimere met 'n soortlike gewig van hoogstens 0.940, in genoemde vorms, vir gemelde vervaardigingsprosesse.

No. R. 1791 (Republiek).] [11 November 1966

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/73).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
308.02	Deur tariefpos No. 83.01 deur die volgende te vervang:	
	„83.01 Slotte en onderdele daarvan, van onedelmetaal:	
	(1) Vir reisartikels (byvoorbeeld, trommels, handkoffers, reistasse en hoededose)	Gewone reg wat 3¼c elk min 30% oorskry
	(2) Ander	Volle reg"
	Deur paragraaf (1) van tariefpos No. 83.09 deur die volgende te vervang:	
	„(1) Knippe van onedelmetaal	Volle reg"

OPMERKING — Die reg op alle slotte en onderdele daarvan en op alle knippe, van onedelmetaal, vir die vervaardiging van reisartikels, word gekort in die mate aangetoon.

No. R. 1792 (Republiek).] [11 November 1966

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/74).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
310.08	Deur na tariefpos No. 58.05 die volgende in te voeg:	
	„68.13 Stereovormplaat	Volle reg"

